


01:2002

# MATIELAND



Die  
aanbreek  
van 'n  
nuwe era



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

Mari Carstens  
082 566 1155

Tina Viljoen  
082 897 8784

Elna Smit  
082 577 7033



Cornette Liebenberg  
082 596 9160

Jané v/d Merwe  
082 331 1664

Yvonne Blomerus  
082 572 5242

### STELLENBOSCH

Tel.: +27(0)21 887 4740 Fax +27(0)21 887 3875

www.abprealestate.co.za annabp@mweb.co.za

#### MOSTERTSDRIFT

#### Alleenmandate

#### UNIEPARK



**R1,5 MIL**

Pragtige familie woning in gesogte area. Ruim leefareas, hoë plafonne, oregan vloere, kuierstoep, swembad en koi-dam



**R850 000**

Netjiese tuiste op groot erf. 3 Slpk, 2 badk, 3 leefareas, studeerkamer. Buitekamer met badk & 2 motorhuise. Pragtige uitsig, naby skole

#### Liberté (Geen hereregte)

#### Bergzicht Plaza (BTW ing.)



**R421 000  
(In BK)**

Pragtige 2 slaapkamer, 2 badkamer eenhede met asemrowende uitsig.

**Opp: 68 m<sup>2</sup>**



**R850 000**

Laaste paar studios beskikbaar in nuwe ontwikkeling op Kampus.

**Vanaf:  
R276 940 (34 m<sup>2</sup>)  
R331 042 (40 m<sup>2</sup>)**

#### Kommersieël

#### Farms and Smallholdings

- Besigheid in Neelsie – R100 000 Gevestigde winskoop!
- 'Deli' Middelorp
- Koffiekroeg – Middelorp, goeie ligging
- Klerewinkel – Historiese kern
- Historiese gebou in Dorpstraat  
**Goeie huurinkomste. Puik adres.**
- Gebou naby kampus. Baie goeie huurinkomste.
- Kantoorgebou 500 m<sup>2</sup> met huurders tot 2006.  
Baie netjies & sekuriteit.

**Naudé Jordaan 083 258 6567**



#### Sole Mandate R5,7 Million

Unique Smallholding in sought after Jonkershoek valley, on the banks of the Eerste River. 3,4 Ha of fertile land offered. Well built mainhouse with outdoor reception area, heated pool, stables, workshop and 2 cottages are included.

**Fanie Steenkamp 082 920 9472**

**Voorblad:** Prof Chris Brink, nuwe rektor en visekanselier, en sy seuntjie, Peter.  
**Front cover:** Prof Chris Brink, the new Rector and Vice Chancellor with his son, Peter.

Die Universiteit se oudstudee en donateurs ontvang *Matieland* gratis.  
*Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

**Redaksie/Editorial staff**

**Uitvoerende redakteur, Universiteitspublikasies / Executive Editor, University Publications:**  
 Hans-Peter Bakker

**Redakteur/Editor, *Matieland*:** Douglas Davis

**Redaksiekantoor**

Bemarking & Kommunikasie, Privaatsak XI, *Matieland*, 7602; tel: 021 808 4639; faks: 021 808 3800; e-pos: dd@maties.sun.ac.za

**Sirkulasie**

Malena Fourie, Stellenbosch Stigting, Privaatsak XI, *Matieland*, 7602; tel: 021 808 4843; faks: 021 808 3026; e-pos: alumni@maties.sun.ac.za

**Editorial Office**

Marketing & Communication, Private Bag XI, *Matieland*, 7602; tel: 021 808 4639; faks: 021 808 3800; e-mail: dd@maties.sun.ac.za

**Circulation**

Malena Fourie, Stellenbosch Foundation, Private Bag XI, *Matieland*, 7602; tel: 021 808 4843; faks: 021 808 3026; e-mail: alumni@maties.sun.ac.za

Published since 1957

Jaargang 45 01 : 2002

ISSN 0025 5947

Editorial director: Joan Kruger  
 Managing editor: Helena Gavera  
 Art direction: Nicky van den Berg

Published for *Matieland* by New Media Publishing

**New Media Publishing**

Executive directors: Irna van Zyl, John Psillos, Naomi Herselman

New business director: John Gower

Art director: Petro du Toit

Production manager: Lucrezia Wolfaardt

Advertising manager: Maria Tiganis


Sales representative: Francois Plummer

NMP, Box 440, Green Point 8051

Tel: 021 439 8252 Fax: 021 439 8277

Repro: Mega Digital

Printing: CTP



# Inhoud/Contents

JUNE/JUNIE 2002

## Allerlei/Miscellaneous

- 3** Van die redaksie
- 4** Briewe/Letters
- 5** *Matieland* 45 jaar jonk
- 37** Bekendes en bemindes in die Raad
- 38** In Memoriam

## Mense/People

- 6** Inhuldiging van rektor
- 12** For the beauty of gardens
- 14** Steeds aan die kook
- 22** Meester van die lang pad

## Navorsing/Research

- 11** Distrik Ses
- 16** Think again
- 30** Large grant to study sudden death
- 31** The irony of a surgeon's death
- 40** Spore van oerlewe

## Eerbewyse/Tributes

- 18** Eerste vir Stellenbosch
- 19** Beyers Naudé se naam verewig
- 24** Ben Burger vereer
- 25** Research grant encourages science
- 26** Matie slaan beurs los
- 28** M-Net rewards Matie

## Die Kunste/The Arts

- 20** Woordfees

## Akademies/Academic

- 34** Eregrade aan finansieiers
- 35** Promotions at USB

## Sport

- 32** 'n Dok is weer voorbok
- 33** Saamtrek soos van ouds
- 33** Ernst maak weer so!

## Huldeblyk/Tribute

- 36** Through the lens – tribute to Alice Mertens



SHOT ON LOCATION AT ENOTECA WINE BOUTIQUE, NEWLANDS

AVONDALE WINES ARE TRULY SUPERIOR IN EVERY WAY SO THEY MAY COST A LITTLE MORE. BUT, LET'S BE HONEST, WHEN CHOOSING A WINE THE PRICE TAG SHOULD BE THE LAST PLACE YOU LOOK.

**Avondale**

EST 1693



THE AVONDALE RANGE INCLUDES CABERNET SAUVIGNON, SHIRAZ, CHARDONNAY, SAUVIGNON BLANC, CHENIN BLANC.

AVAILABLE AT SELECTED WINE BOUTIQUES AND RESTAURANTS. FOR MORE INFORMATION CONTACT AVONDALE WINE FARM AT (021) 863 1976 OR E-MAIL [wine@avondalewine.co.za](mailto:wine@avondalewine.co.za)



## Stellenbosch ingestel op die toekoms

**M**atieland is weer propvol interessante leesstof – ons wys jou alles oor die inhuldiging van die nuwe rektor (bl. 6), die Woordfees (bl. 20) en *Matieland* van toeka tot nou (bl. 5). Maar by alle soet is daar ook 'n bietjie suur en 45 jaar gelede was MIV/vigs nog op niemand se lippe nie, wat nog te sê van onder die mikroskoop.

Maar die Universiteit van Stellenbosch het dié epidemie die stryd aangesê op vele gebiede.

MIV/vigs is volgens alle aanduidings die grootste oorsaak van sterftes in die RSA. Hoewel die Wes-Kaapse infeksiesyfer van ongeveer 8,7% relatief laag is in vergelyking met die nasionale syfer van 24,5%, is die Universiteit van Stellenbosch deeglik bewus van sy morele plig om leiding te gee in die stryd teen hierdie epidemie – nie net binne die grense van die Universiteit se kampusse nie, maar ook ten opsigte van gemeenskapsdiens en MIV/vigsnavorsing.

Benewens 'n uitgebreide aksieplan, wat die epidemie op universiteitsvlak die stryd aansê, is Stellenbosch se MIV/vigs-beleid wat studente en personeel betref, sterk gerig op die regte van MIV/vigslyers. Hierdie beleid verseker dat daar op geen wyse teen hulle gediskrimineer word nie. Dit beskerm hulle reg op vertroulikheid ten opsigte van vigs-toetsing en hul MIV-status en lê spesifieke riglyne neer vir die hantering van MIV/vigs binne die studentekorps sowel as in die werkplek. Dit sluit in berading en AZT-behandeling indien 'n vroulike werknemer op een van die kampusse verkrag sou word.

'n Belangrike ontwikkeling in dié verband is die Nagraadse Diplomakursus in die Bestuur van MIV/vigs in die Wêreld van Werk (PDM) – 'n program wat sedert Februarie verlede jaar deur die Universiteit se Departement Bedryfsielkunde in samewerking met Medunsa se Nasionale Skool vir Openbare Gesondheid aangebied word.

Die Carnegie Korporasie van New York het 'n skenking van \$1 000 000 aan dié program gedoen (lees berig op bl.18) wat oor drie jaar beskikbaar gestel sal word.

Die PDM is daarop gerig om as 'n drukverligtingsklep in die werkplek te dien. Dit sal die breë aspekte van die epidemie in Suid-Afrika se ongelyksoortige gemeenskappe aanspreek en bestuurders en werkers in staat stel om die gehalte van die werkplek te verhoog.

Belangstelling in die program is geweldig groot. Verlede jaar het 106 studente uit alle dele van die land daarvoor ingeskryf – 86 by Stellenbosch en die res by Medunsa. Die eerste groep het in Maart vanjaar hulle diplomas ontvang – die toekenning daarvan was vir Stellenbosch 'n wêreldeerste (lees berig op bl.18) want so 'n kwalifikasie is nog nêrens verleen nie.

Vir vanjaar het die belangstelling die hoogte ingeskiet – 200 studente het ingeskryf, 170 by Stellenbosch en 30 by Medunsa.



Hoewel die meeste Suid-Afrikaners is, is daar ook kandidate uit byvoorbeeld Kazachstan, Japan, Bangladesh en Swede.

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus werk uiteraard op verskeie vlakke aan die bestryding van die vigs-epidemie ondanks beperkte hulpbronne. Terselfdertyd lewer navorsers in dié fakulteit betekenisvolle bydraes tot die ontwikkeling van langtermynoplossings.

So gaan daar reeds aanstaande jaar 'n kombinasie-entstof, wat beskerming teen die M1-virus sub tipe C bied, op 'mense getoets word. 'n Genetikus in die Departement Urologie, dr Vanessa Hayes, doen navorsing oor genetiese verskille in die vatbaarheid van MIV onder die bevolkingsgroepe van SA en Afrika en hoop om teen aanstaande jaar 'n MIV-risikoprofiel vir SA te kan opstel. Navorsers in die Departement Gemeenskapstandheelkunde het R2,5 miljoen van 'n groot farmaseutiese maatskappy ontvang om vigs in SA te bekamp deur middel van opleiding en voorligting oor die mondletsels wat algemeen onder vigslyers voorkom. En onlangs is die HOPE-program, 'n MIV-uitreikprogram, van stapel laat loop.

Stellenbosch Universiteit werp inderdaad alles in die stryd teen hierdie verwoestende virus.



### 'Pienk Piet' alombekend

Ek lees in *Matieland* nr. 2:2001 die skrywe oor prof J du Plessis deur Nic de Jager.

As *Maties* (1947 – 1952) het ons baie by die standbeeld van prof J du Plessis, 'Pienk Piet', verbygestap. Ek onthou ook die goed wat oor die standbeeld gesê is.

Ek wil net noem dat hy ongeveer vanaf 1897-1898 leraar was van die NG Gemeente van Zastron. In die konsistorie hang 'n foto van hom, maar daar is nie 'n datum by nie. Voor die Tweede Vryheidsoorlog het hy hiervandaan vertrek, maar dis vir my onbekend of hy toe na Stellenbosch is.

■ PJ Swart, Posbus 70, Zastron

### Koos ook puik beroepsvoorligter!

Na aanleiding van die briewe oor wyle Koos Meyer in *Matieland* se uitgawe van Augustus verlede jaar, deel ek graag die volgende met lesers van dié blad:

Dis Februarie 1943. Ek reis van die plaas af Sutherland toe en van Matjiesfontein per trein na Stellenbosch.

Drie uur Sondagmiddag laai die taxi my by Molenvliet af met 'n pormanteau vol klere en beddegoed. Langs die groen voordeur van die dubbelverdiepinggebou is 'n wit porseleinklokkie met "press" daarop. Ek "press," maar niks gebeur nie. Oplaas kom daar agter om die gebou 'n jong man gestap. "Meneer, die oumense slaap". Hy stel hom voor as Meyer. Visser, kom dit van my kant.

Op sy vraag deel ek hom mee dat daar 'n kamer vir my bespreek is, en hy vra my terstond of ek 'n student is en hoeveelste jaar. Op my antwoord dat dit my allereerste aankoms op Stellenbosch is, ondergaan hy 'n persoonlikheidsverandering. "Nou maar dan is jy mos 'n sot! Vat jou goed en soek vir jou 'n kamer hierbo!" Koos Meyer was

die eerste persoon wat ek op Stellenbosch ontmoet het...

Na die toewysing van my kamer besoek Koos my weer en vra wat ek op Stellenbosch kom maak.

"Ek kom leer." Op nog 'n vraag van Koos sê ek toe dat ek nog nie weet wat ek kom leer nie. "Weet jy wat is deesdae die inding? Dis B.Comm. Ek ken nie eintlik die kursus nie, maar dit het met besigheid te doen en jy leer glo hoe om geld te maak," sê Koos. Die laaste dag van registrasie registreer ek vir Ekonomie en Rekeningkunde.

Op 31 Oktober 1987 het ek as hoofdirekteur van onderwys uit diens getree. Die meedsnoere het vir my mooi geval. Koos Meyer was 'n goeie beroepsvoorligter!

■ Gerrit Visser (oud-Dagbreker)

### The Anglican Chaplaincy Trust needs your support

The Anglican Chaplaincy Trust (ACT) was established in November 2001 to support the work of the Anglican Chaplain at the University of Stellenbosch.

The specific aim of the Trust is to give financial security to the student

ministry, thereby ensuring its long-term survival. There are some 1 400 Anglican students registered at Stellenbosch with about 1 000 more living in the campus environs. The Reverend Richard Shorten is the first full-time Anglican Chaplain at Stellenbosch.

To be viable, a serious ministry requires not only people and enthusiasm, but also financial support. We have taken steps to establish the Anglican Chaplaincy Trust to safeguard the future of this ministry. The 2001 budget was R96 000.

A very special appeal is being made to the readers of *Matieland* to respond generously to this call in support of this very worthy cause. It is vital that the ministry to young people is not impeded by financial constraints.

For donations:

Tel and fax: (021) 887-6913

Postal address: 75 Old Helshoogte Road, Idas Valley, Stellenbosch, 7600 or send e-mail to

stellenboschact@iafrica.com

■ Lionel Cloete, Trustee of the ACT, Stellenbosch

### *Matieland* verras altyd

Die laaste uitgawe van 2001 met Stellenbosch se aangewese rektor en sy gesin op die voorblad was regtig iets besonder.

Die ontspanne foto het hulle dadelik deel gemaak van Die Bos, terwyl die artikel 'n mens 'n beter blik op Chris Brink se toekomsplanne vir ons alma mater gegee het.

Dankie vir die vars voorkoms en interessante artikels. *Matieland* stel nooit teleur nie!

■ L Emslie Oudmatie (1990 – 1995)

# MATIELAND

## 45 jaar jonk



**D**ie is April 1957 en met 'n skrale oplaag van 6 500 skop *Matieland* af as amptelike publikasie van die Universiteit van Stellenbosch aan oudstude – die opvolger vir *Die Stellenbosse Oudstudent* wat 16 jaar lank dié rol vervul het.

Vandag het *Matieland* 'n oplaag van bykans 62 000 en word gratis versprei, hoofsaaklik aan oudstude oral ter wêreld. In 1974 is volkleur vir die eerste keer op die buiteblad gebruik, met enkele binneblaie in volkleur vanaf 1991 en die hele tydskrif in volkleur sedert 1997.

Nadat daar altyd drie uitgawes was, verskyn *Matieland* sedert verlede jaar slegs twee keer per jaar. Die ontwerp- en drukoste, wat einde 1981 skaars R14 000 per uitgawe was (vir 'n oplaag van slegs 32 000 eksemplare), het in die twee dekades tot einde verlede jaar bykans vertiendubbel tot R212 000 vir die huidige 62 000 eksemplare.

Pos- en versendingsoste het selfs nog vinniger gestyg, van sowat R7 000 vyftien jaar gelede tot meer as R166 000 einde verlede jaar.

*Matieland*, wat begin het toe prof HB Thom die rektor was, het in die afgelope 45 jaar onder meer berig oor vier nuwe rektore (proff Jannie de Villiers, Mike de Vries, Andreas van Wyk en Chris Brink) asook vier nuwe kanseliers.

Onder die talle nuusmakers deur die jare was die Britse staats-hoof, Margaret Thatcher, wat die kampus besoek het, Nobelpryswenner, James D Watson (medenavorser oor DNA), wat 'n biologiese navorsingslaboratorium op die kampus geopen

*Matieland* is 45 jaar oud en is sover bekend die oudste universiteitsblad vir alumni in die land.

het, Matie-atleet Elana Meyer wat met 'n silwermedalje van die Olimpiese Spele in Barcelona teruggekeer het en Nelson Mandela wat in 1996 as Staatspresident 'n eredoktorsgraad ontvang het.

Die tientalle ontwikkelings waaroor deur die jare berig is, het gestrek van geboukomplekse vir Geneeskunde en Tandheelkunde (nou Gesondheidswetenskappe) asook Ingenieurswese in die ses-tiger- en sewentigerjare; die DF Malan Gedenksentrum op Coetzenburg, die Konservatorium, Craven-stadion, Bestuurskool en 'n nuwe biblioteek; asook die eeufees van die Ou Hoofgebou, inwyding van die Sasol Kunsmuseum en onthulling van die Craven-standbeeld op Coetzenburg. In die nuus was die lansering van die satelliet, Sunsat, die afskop van die eerste Afrikaanse Woordfees op die kampus en die ampse ontbinding van die Universiteitskoor.

Sedert 1997 word *Matieland* aangevul deur 'n nuusbrief, *Alumnus*, wat drie keer per jaar aan alle Oudmaties gestuur word. Dit bevat hoofsaaklik inligting oor fondsinsamelings, maar ook berigte oor reünies en ander brokkies wat Oudmaties raak.

Douglas Davis, wat redakteur was van 1976 tot 1981, neem van hierdie uitgawe af weer as redakteur oor by Hans Oosthuizen, wat nou *Kampusnuus*, die Universiteit se personeelblad, behartig.

Hans Oosthuizen was *Matieland* se redakteur vanaf 1981-2001. ■




DIS AMPTELIK: Prof Elize Botha, kanselier, hang die visekanselierstoga om die skouers van prof Chris Brink, die nuwe rektor en visekanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

Prof Chris Brink is op 10 April as die Maties se nuwe rektor en visekanselier ingehuldig – na presies 100 dae in dié pos en 24 jaar nadat hy in sy eerste volle akademiese pos (in die Departement Wiskunde) aan Stellenbosch begin het.

FOTOS: RAPPOORT





# 'n Nuwe tradisie

**D**it was 'n pragtige windstil herfsdag en die inhuldiging 'n luisterryke geleentheid. Dit is in die Studentekerk gehou aangesien dié kerk heelwat meer mense kan huisves as die Endlersaal in die Konservatorium of die HB Thom-teater.

Personeellede en studente van die Departemente Drama, Beeldende Kunste en Musiek en lede van die Stellenbosch Libertaskoor en die Universiteitskoor het saamgewerk om te verseker dat die inhuldiging terselfder tyd ook 'n viering van die Universiteit se kunstalent was – hulle poging het gesorg vir 'n inklusiewe feestelike

geleentheid.

Toe die akademiese prosesie – gele deur die kanselier, prof Elize Botha, en die rektorspaar – na afloop van die inhuldigingsplegtigheid die kerk verlaat het, het studente van die Militêre Akademie buite 'n erewag gevorm.

Onderwyl die klanke van die Universiteit Stellenbosch Simfoniese Blasers nog luister aan die geleentheid verleen het, het die prosesie te midde van luide toejuiging en handegeklap deur honderde mense weerskante van Victoriastraat na die Konservatorium beweeg waar die eregaste bygeekom het. Daar het dramastudente van die Focal Joint Physical Theatre Company 'n

kort teater buite aangebied en die Departement Beeldende Kunste het binne gesorg vir 'n uitstalling van juweliersware.

Brink het in sy inhuldigingsrede opnuut 'n oproep om vernuwing gedoen. Hy het gesê sy visie is dat Stellenbosch 'n top universiteit in die nuwe wêreld sal wees; een wat internasionaal gereken word en op streek en nasionale vlak 'n leidende rol speel. Die naam Stellenbosch moet prominent geskryf word in die annale van hoër onderwys.

Maar dit kan nie gedoen word in 'n omgewing waarin idees en aksies maklik en gerieflik gekategoriseer en



IN GELID: Die akademiese prosessie beweeg na die Endlersaal.



"Ons moet werk vir dié dinge waarvoor ons hoop eerder as teen die dinge waarvoor ons vrees."



PRAAT SAAM: Prof Chris Brink deel 'n gedagte met mnr Arrie Rossouw van *Die Burger*.

gestereotipeer word nie. Dit is nou noodsaaklik dat horisonne verbreed word.

Hy het dit so gestel: "In die nuwe wêreld is daar 'n reënboog van geleenthede wat op ons wag – as ons dit net kan sien. Die Universiteit moet dit sy taak maak om vanuit die spektrum van moontlikhede die oënskynlike teenstrydighede saam te snoer. So kan Afrikaans én diversiteit tegelyk bevorder word. Stellenbosch kan meer swart studente inneem én sy uitsetstandaarde verhoog. Hy kan vernuwe én tradisie erken."

Hy het vervolg: "Dit is ons taak om die hekke van die paradys oop te maak, nie net dat diegene wat buite is, kan inkom nie, maar ook dat hulle wat binne is, dit na buite kan waag. Laat ons nie gevangenes in die paradys wees nie."

Ten slotte het hy gesê: "Dit is my bede dat ons sal werk vir die dinge waarvoor ons hoop, eerder as teen die dinge waarvoor ons vrees. Dit is my bede dat Stellenbosch sy regmatige plek sal inneem in die hoofstroom van ontwikkeling van hierdie land en as baken van uitnemendheid gesien sal word, hier, en in die res van die wêreld."

buitelandse ervaring dalk 'ongewone' dinge kan doen!"

Asmal het die Universiteit ook aangespoor om deel van die proses te wees deur hoër opvoeding vir alle Suid-Afrikaners toeganklik te maak. "Diensbillikheidsuitkomstes sal nie verwezenlik word alvorens daar genoeg aandag gegee word aan die skepping van 'n magtigende institusionele omgewing en kultuur vir alle studente en personeel nie," het hy gesê.

Hy het vervolg: "Maar alte dikwels werk institusionele beleid en praktyke, hetsy bewustelik of onbewustelik, teen swart mense en vrouens. Ons moet deurentyd streef na institusionele waardes wat bedag is op diversiteit en dit sal beslis rekonsiliasie en respek vir menselewens bevorder, die waardigheid van die individu teen rasse- en seksuele teistering beskerm en alle ander vorme van gewelddadige gedrag verwerp."

Die kanselier, prof Elize Botha, het in haar huldigingsrede voordat sy prof Brink amptelik beklee het uit 'n gedig van DJ Opperman – *Negester en stedeling* – aangehaal om, soos sy dit gestel het "aan ons gewaarwording van die oomblik gestalte te gee." Die digter mymer oor die lot van 'n pasgebore kind in 'n onseker wêreld:

*Watter kaart of watter stel sal ek jou wys  
Om veilig deur die gryslan heen te reis?  
...onthou altyd  
aan jou dade grens 'n ewigheid  
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen  
besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen ...*

"Aan die nuwe 'vegter' vir ons alma mater wil ons ons allerbeste wense oordra om dié altyd gevaarlike, altyd avontuurlike sprong in vryheid en in vertroue na die toekoms te doen." ■

Toe hy prof Brink gelukkigwens het, het prof Kader Asmal, Minister van Onderwys, gesê die Universiteit het 'n uitsonderlike en dapper ding gedoen om hom as rektor aan te stel. "Dis uitsonderlik omdat dit nie elke dag gebeur dat 'n universiteit iemand as rektor aanstel wat nie 'n alumnus is nie. En dis dapper omdat Chris Brink nie presies die profiel van sy voorgangers volg nie en met sy

# Van titels gepraat

Prof Chris Brink is die tiende hoof van die Universiteit sedert dit in 1918 uit die Victoriakollege ontstaan het. Dié pos se benaming het deur die jare verskeie kere verander tot die huidige dubbele amp van “rektor en visekanselier”. Brink is die sewende met die benaming “rektor” en die derde wat ook die amp van “visekanselier” beklee.

**D**ie Universiteit se eerste hoof in 1918 was prof JJ Smith, 'n Afrikaansdosent en bekende taalkundige, wat die pos “voorsitter van die Senaat” beklee het. Die pos van rektor is in Julie 1919 ingestel met Opvoedkundedosent, prof GG Cillié sr., as eerste bekleër.



**WAARDIGE AMPSBEKLEËRS:**

Proff RW Wilcocks, HB Thom, J de Villiers, M de Vries, A van Wyk en C Brink

Ná sy bedanking as rektor om weer voltyds klas te gee, besluit die Universiteitsraad om vanaf 1925 terug te keer tot die vorige benaming. Twee geskiedkundiges, proff SFN Gie (tot Junie 1927) en W Blommaert (tot Junie 1933) en 'n dosent in Sielkunde, prof RW Wilcocks (vanaf Julie 1933) was almal senaatsvoorsitters tot die rektorspos vanaf Januarie 1935 heringestel is en Wilcocks dit tot einde 1954 beklee het.

Sy opvolgers as rektor was proff HB Thom ('n geskiedkundige en rektor tot Desember 1969), Jannie de Villiers (dosent in Verloskunde en Ginekologie en rektor tot Junie 1979) en Mike de Vries ('n dosent in Chemie en dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe) wat vanaf laat 1981 ná die destydse visekanselier, dr Kosie Gericke, se dood ook visekanselier geword het – soos aan die meeste ander SA universiteite.

Gericke was die vierde visekanselier sedert 1918, 'n ere-

amp (soos die kanselier tans), maar wat tot in daardie stadium ook outomaties voorsitter van die Universiteitsraad was.

Ná De Vries se aftrede (Junie 1993) was prof Andreas van Wyk (dosent in Handelsreg en eertydse dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid) rektor en visekanselier tot einde verlede jaar.

Soos al die visekanseliers voor hom, staan Brink by seremoniële geleenthede (byvoorbeeld gradeplegtighede) in vir die kanselier as dié afwesig is. Brink, soos al sy voorgangers as rektor en later ook visekanselier, is terselfdertyd ook voorsitter van die Senaat.

Die goudgeborduurde swart toga waarmee Brink ingehuldig is, is dié van die visekanselier – sover bekend dateer dié kledingstuk (soos ook die kanselier s'n) uit ongeveer 1918. Die ou rektorstoga (maroen met goue eikeblare in vertikale bane voor op geborduur) word sedert 1981 nie meer gebruik nie.

# Lángs die rektor...

Sedert sy aanwysing as nuwe rektor is daar baie oor Chris Brink geskryf, maar min oor die vrou aan sy sy, Tobeá Brink – die vrou met *presence*. Deur Heloïse Davis



**T**obeá Brink was iemand wat 'n intense afkeer van hiërargieë gehad het, 'n broertjie dood aan statusbehepte mense en iemand vir wie almal, maak nie saak wie of wat hulle was of die belangrikheid van hul poste nie, presies ewe belangrik was.

Dit is hoe Tobeá Brink, vrou van die pasingehuldigde rektor en visekanselier, Chris Brink, eendag onthou sal wil word.

En dit som Tobeá min of meer op: 'n borrelende, hoogs intelligente plaasnooi wat 'n wêreldburger geword het, sterk genoeg om haar beginsels só uit te leef dat sy nie sal skroom om haar sê te sê nie, warm genoeg om almal met die grootste agting te behandel en dapper genoeg om ruitelik te erken dat sy 'n treurige kok en geensins so georganiseerd soos haar man is nie...

Tobeá, 'n nooi Du Preez wat in die omgewing van Riversdal op die plaas Windsor grootgeword het, se eerste ontmoeting met Stellenbosch was toe sy in 1980 haar vir die BA-graad ingeskryf



en inwoner van Nemesia geword het. "Ontgroening en koshuistradisies was nie eintlik vir my nie. Maar my eerstejaars-herinneringe sluit ook iets baie aangenaams in: ek het Chris ontmoet."

Sy vertel dat sy en Chris se suster klasmaats was en dat sy só een middag die jong dosent, weliswaar 11 jaar ouer as sy, ontmoet het. Hy was besig om sy akademiese boeke netjies oor te trek. Sy het hom oortuig dat sy mal is oor boeke oortrek (sonder enige bybedoelings, hoor!) en hom begin help. Die boekoortrekkery het

'n paar aande geduur – en die koeël was deur die kerk. In haar tweede jaar het die twee besluit om te trou en die 19-jarige Tobeá het by Chris ingetrek.

Aan die einde van haar honneursjaar (Afrikaans en Nederlands) het sy op 21-jarige ouderdom swanger geraak en Carmen is gebore. Hoewel sy deur Unisa met haar HOD voortgegaan het, het die koms van dié pragtige dogtertjie 'n groot omwenteling in die jong egpaar se lewe beteken. "As ma van 'n Down-sindroom-baba met besondere behoeftes, was daar tyd vir niks anders nie."

Daarna het Tobeá se "flirtasie" met Australië begin. Hulle het na Canberra verhuis. Die Brinks het 'n jaar in Canberra gewoon voordat hulle in 1987 na Suid-Afrika teruggekeer en Chris 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar het. By Ikeys het Tobeá eers as sekretaresse by die Fakulteit Opvoedkunde begin werk voordat sy later as medeskrywer van Afrikaanse skoolhandboeke by die *Ruimlandreeks* betrokke geraak het. Sy is tans besig met die herskryf van dié reeks.

Chris se loopbaan het hulle teruggeneem na Australië waar hy viserektor (navorsing) aan die Universiteit van Wollongong geword het. Daar het sy ingeskryf vir 'n meestersgraad in Kulturele Sielkunde aan 'n universiteit in Sydney. Maar sy het ook na 14 jaar weer ma geword en toe wéér... Hestia het eers haar opwagting gemaak voordat klein Peter kort daarna die Brink-gesin se getalle versterk het.

En toe verneem hulle op 19 Mei 2001 dat Chris die nuwe rektor van die Universiteit van Stellenbosch word. Hulle was verheug.

Die terugkeer na Stellenbosch was nie moeilik nie, sê Tobeá. "Al die mense is ongelooflik vriendelik en behulpsaam en Carmen se aanpassing was seepglad – sy geniet elke oomblik aan die St Josephs Privaatskool in Kaapstad. Ons gesin geniet Stellenbosch in al sy fasette."

Tobeá Brink, met haar gemaklike persoonlikheid, breë glimlag, vriendelike bry en visie van 'n moderne eggenoot, moeder, beroepsvrou én student is inderdaad 'n bate vir Stellenbosch. ■

FOTOS: ANTON JORDAAN

# DISTRIK 6

## onder die soeklig

**D**istrik Ses is vir sy eerstydse inwoners en veral vir die bruin bevolking van die Wes-Kaap die simbool van al die verontmensliking en vergrype van apartheid – soveel so dat sekere aspekte van die ongelukkige geskiedenis van dié woonbuurt steeds verdwerg word deur nostalgie en romantiek.

Dr Connie Laubscher, 'n oudonderwyser in Geskiedenis

en tans sakeman, het nou die soeklig laat val op één aspek van dié geskiedenis in sy doktorale proefskrif met die titel, *Die geskiedenis van grondbesit in Distrik Ses tot 1984, met spesiale verwysing na die Groepsgebiedewet van 1966*. Hy het die geskiedenis van die sowat 3 000 erwe in die destydse Distrik Ses nagevors.

"Voor die sloping, onteiening en verskuiwing begin het, was die meeste van die eiendom (56%) in blanke besit. Die meeste van dié eienaars was stadsraadslede wat lank nie meer daar gewoon het nie. Hulle wou nie hul steun gee dat die gebied verbeter word nie, want dit sou tot hoër belasting lei. Dit sou ook beteken het dat die huur verhoog moes word – wat vir dié gebied nie lewensvatbaar was nie."

### Traumatiese gebeure

"Die Afrikaanse pers het meestal die regering gesteun. Klem is gelê op die feit

Die Nasionale Party (NP) regering se opruiming van Distrik Ses in Kaapstad was een van die mees emosionele gebeurtenisse van die apartheidsjare in die Wes-Kaap.



**ERKENNING VIR UITMUNTENDE WERK:**

Dr Connie Laubscher ontvang sy doktorsgraad in Geskiedenis van die kanselier, prof Elize Botha.

dat die grootste deel van Distrik Ses in blanke hande was en dat dit ontwikkel moes word. Die Engelse pers, daarenteen, het gefokus op die verlies van die karakter van die plek en op die lyding van mense wat ge-

dwonge verskuif is."

Natuurlik was die verskuiwing, die grootste onder die bruin bevolking in Suid-Afrika se geskiedenis, uiters traumaties. "Tog was alles nie net sleg nie. Die verskuiwing het die armoede en lyding van sommige mense verbeter, hoewel 'n hele gemeenskap daarmee verbrokkel het," sê Laubscher.

### Wat moes dan gebeur het?

"Die gebeure wat soveel pyn en lyding veroorsaak het, moes nooit plaasgevind het nie. 'n Hele gemeenskap is daarmee opgebreek en dit het groot skade aan rasseverhoudings gedoen. Die regering moes eerder eienaars sowel as die Kaapstadse stadsraad aangespreek het om die gebied in stand te hou.

"Die gebied was totaal en al verval. Dis maklik om te vra wat van die arme gemeenskap, maar wat van die opoffering,

armoede en lyding van die mense wat daar gewoon het? Die verskuiwing self was nie nêr sleg nie. Sommige mense se lewensgehalte is in 'n sekere mate daardeur verbeter," sê Laubscher.

Verskeie interessantheide oor Distrik Ses het ook aan die lig gekom:

- Die Departement van Gemeenskapsbou het in 1969 aangedui dat gemiddeld 54 gesinshoofde in Distrik Ses daaglik by die departement aansoek gedoen het om beter behuising.

- Sommige geregistreerde erwe was tot sewe vierkante meter klein. In Hanoverstraat was byvoorbeeld 'n poskantoor, 'n kerk, kafees, 'n skoolsaal, bioskope, 'n washuis, 'n munisipale swembad, 'n vismark, 'n bakery en perdestalle.

- In 1966 was daar 50 motorhuise in Distrik Ses wat as woonhuise gebruik is.

### Wat van restitusie?

"Dis nie meer moontlik vir die hele Distrik Ses nie," meen Laubscher. "Groot dele van dié gebied is reeds ontwikkel. Maar waar dit egter moontlik is, moet Distrik Sessers wat daar wil woon, in staat gestel word om dit te doen."

Dit is moeilik om sonder emosie oor een van die mees omstrede aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te skryf – maar as historikus is dit presies wat Laubscher probeer doen het. ■



He is an eternal academic, relentless in his pursuit of knowledge, adventure and the inherent beauty of nature – Wim Tijmens follows in the footsteps of the ancient gardeners.  
By Carolyn Frost

# FOR THE BEAUTY OF GARDENS

**T**his tall, angular man exudes enthusiasm and sheds information like fast-falling autumn leaves. He lectures regularly to people of all nationalities – in Israel, the Netherlands, Germany, the USA, Japan, the Peoples Republic of China and, of course, South Africa. He talks to them about the therapy of gardens, stressfree zones, poisonous plants and those that can heal. He has frequently headed botanical and cultural interest journeys through China, Italy,

England, and now Bhutan.

At the time of going to press he was leading a group of 17 people, professionals and nonprofessionals, through this mountain kingdom, central to the Himalayas and neighbored by China, India, Tibet and Nepal. Bhutan's king has given his official sanction to the trip. Only 2000 visitors are allowed per year in this "Conservation Capital of the World" – declared so by the United Nations – where the gross domestic product is officially said to be less

important than the happiness of the people.

Tijmens and his group will endeavour to find the national flower, the scarce Blue Poppy, which grows on the slopes of the alpine regions, discovered only a few years ago. Landscapes which may appear barren and austere to the untrained eye are, to him, bountiful with life, vegetation and perfect design, and these insights he shares.

Born in the tiny village of Usquert, in the Groningen province of the

Netherlands, Wim moved at the age of five to a polder of reclaimed land, approximately 5 m under the natural seabed. He recounts how, two weeks before the liberation of the Netherlands in World War II, the dykes were bombed. The polders flooded, and everything his family had possessed was lost.

### Reclaimed land

He went on to receive his horticultural training in the Netherlands (and subsequently England and America), and was employed by the Dutch government as a landscape architect to design newly reclaimed land in the polders. He explains that this implied the creation of an entire infrastructure to establish new societies on drained seabeds: a team of architects, sociologists, economists, and engineers had to determine the texture of the land and then allocate specific crops.

Farms, villages, schools, sports-grounds, parks – all the facets of a society – had to be visualised and created. 350 000 hectares had to be reclaimed from the former Zuider Zee.

Tijmens came to South Africa in 1960, and worked with Prof Brian Rycroft at the Kirstenbosch Botanical Gardens – a step that was to link him inextricably to South Africa, and the development and promotion of the incomparable Cape fynbos – later an intrinsic part of his design of the Harold Porter Botanical Gardens at Betty's Bay.

### Evolutionary biology

His visit to the Biopark in Okinawa, Japan, was the start of a lifelong friendship and professional collaboration with Prof Norio Kondo, Director of the Research Institute of Evolutionary Biology – an esteemed guest over many years at Stellenbosch University. Prof Kondo's work in creating wingless chickens (and seedless melons) resulted in



**FOR THE LOVE OF IT:** "I am not a botanist, but I worked all my life with them, and I came to a better understanding of that phenomenon called Nature."

global interest, as he postulated that there was no practical use for their wings in evolutionary development, and that the growth energy required could be better redirected to the rest of the bird.

Around this time Wim met his future wife, Sylvia Anne Louw. Her love of animals, and her commitment and dedication to Animal Welfare indicate a passion that rivals Wim's love of plants. They have a 34-year-old daughter, who is a fashion designer.

Wim was offered the post of junior curator at the University's Botanical Gardens. He describes Dr Hans Herre, the then senior curator, as his great mentor since they worked together for many years thereafter. Dr Herre was also world-renowned for his research on South African succulents and he published extensively on them.

Dr Masahiko Hayashi, a botanist at the Research Institute of Evolutionary Biology, which is the only institute of its kind in the East, recently honoured Wim and his wife by naming two newly developed succulents after them – *Wimii* and *Sylviae*. Wim's fervour is palpable as he



elaborates on Dr Hayashi's proposed African botanical research. He plans to contradict some of Darwin's theories by using DNA-testing in plants from Morocco to Cape Point.

Wim departs for China later this year, as he does every year, to retrace the footsteps of Marco Polo on the Silk Route, and to learn more of the Giant Panda and the bamboo habitat it relies upon.

Wim calls China "the mother of gardens". He says a Chinese garden is like walking in an ever-changing landscape painting. He also likes to quote from the ancient Chinese philosopher, Lao Tzu, who wrote: "Man models after earth, earth models after heaven, heaven models after truth, but truth exists in nature."

And it is in this search for truth that Wim has found his love and peace. ■

# Steeds aan DIE KOOK

Dit is nou al 'n raps langer as 50 jaar wat Oudmatie Ina de Villiers die pad na 'n man se hart aanwys. Haar *Kook en Geniet* – die bybel van kookkuns in Afrikaans – is nog altyd 'n topverkooper en een van min kookboeke wat na vyf dekades steeds menige vrou se regterhand in die kombuis is.

Deur Mattie vd Merwe



**K**ook en *Geniet* het die eerste keer in 1951 verskyn en tien jaar later is dit ook in Engels uitgegee met die titel *Cook and enjoy it*.

In 1982 word dit 'n "baba" ryker met die titel, *Klein Kook en Geniet*, waarvan die eerste paar uitgawes ook in Engels beskikbaar was. Ina de Villiers het dit saam met haar dogter, Eunice, ook 'n Oudmatie, geskryf. Die vierde herdruk van hierdie pragtig geïllustreerde kookboekie met sy maklik verstaanbare aanwysings het pas verskyn – in sagteband met 'n plastiekomslag wat hom gewillig met 'n nat lappie laat skoonvee na elke avontuur in die kombuis.

Ina, ma van twee dogters en ouma

van ses kleinkinders, het destyds as jong huishoudkundige voorligtingswerk vir die Departement van Landbou op die platteland gedoen. Vier jaar het sy rondgereis, demonstrasies gehou en die departement se kookhandleiding, *Kos en Kookkuns*, bevorder tot sy later met Japie de Villiers, 'n geoloog, getroud is en Pretoria toe getrek het.

Gou het sy die behoefte aan 'n praktiese, moderne, Afrikaanse kookboek raakgesien. 'n Kookboek wat met "gooi 'n handvol van dié of 'n skeutjie van dáárdie by" en doodgekookte groente klaarspeel, wat die bestanddele in 'n betroubare formaat aangee in die volgorde waarin dit gebruik gaan word en wat die metode daarna stapsgewys uiteensit.

"Jy moet onthou, dit was net na die oorlogsjare en die enigste Afrikaanse kookboeke se resepte het allerhande ryk bestanddele in gehad wat toe onverkrygbaar was," vertel Ina in haar woonstel in Stellenbosch.

Op 'n dag toe sy haar pasgetroude suster – boekgeleerd en gegradueerd – onbeholpe met 'n rou hoender sien sukkel het, het sy besluit om iets daaraan te doen. Aangemoedig deur haar man het sy leer tik en aan die boek begin werk.

As oudstudent van Stellenbosch se destydse Departement Huishoudkunde het sy by dr Mattie Jooste, haar dosent en mentor vir wie sy groot waardering en agting het, gaan aanklop vir raad. Jooste was dadelik entoesiasies oor die projek. Sy het selfs uit die VSA, waar sy later besig was met nagraadse studie, fotomateriaal aangestuur.

Jooste is dan ook die een wat *Kook en Geniet* sy naam gegee het: een nag het sy wakker geskrik met die naam in haar gedagtes. Net daar het sy dit neergeskryf en later aan Ina voorgestel in 'n brief uit die VSA.

Vir die eerste uitgawe het Ina self al die illustrasie- en demonstrasiefoto's geneem. Sy het deurentyd probeer om

die resepte so ekonomies en basies moontlik te hou met algemeen bekom-bare bestanddele. As die resep vier eiers vra, het sy gekyk of sy met drie kan wegkom.


Haar man was haar grootste bron van inspirasie en steun. Lesley Kent, 'n huisvriend wat baie graag by hulle gekuier het (en dan ook sommer vir ete gebly het!), het voorgestel dat Japie se naam in die kookboek verewig word deur sy gunstelingnagereg na hom te vernoem – vandaar *Japie se gunsteling*. Op aandrang van Japie ontwikkel Ina toe weer 'n kerriegereg wat sy na Lesley vernoem – en vandaar *Kent se kerrie!*

Toe loop sy haar vas: geen uitgewer stel in die boek belang nie. En dis hier waar Ina haar staal wys: sy besluit om haar boek self uit te gee! In hardeband – vir baie hantering. Met die regte prys – onder een pond – “wat ek toe nie kon regkry nie.” En in die regte formaat – klein genoeg om oop op die kombuistafel te kan lê.

Om geld in die hande te kry, het weer 'n nuwe lolly afgegee. Oplaas kry sy die geld darem by haar stiefma geleen, maar dit het oortuigingswerk gekos! Sy het dan ook elke pennie terugbetaal.

*Kook en Geniet* was die klein drukkery Caxtons se eerste hardeband-boek. Maar sonder stampe en stote het dit ook nie gegaan nie. In dié tyd is die eienaar van Caxtons oorlede en verwis-sel die drukkery 'n paar keer van be-stuur. Die einde van die saak is dat Ina vir ses maande daaglik in die drukkery is om te sorg dat die foto's, onderskrifte, kolomme en bladsynommers reg geplaas word. Dit was nog die dae van galeiproewe: die teks is met metaallet-ters geset en op lang velle papier uitgedruk. Eers later is dit in bladsye verdeel.

Ina moes *Kook en Geniet* self versprei.




**GENOT UIT DIE POT:** Ina de Villiers met die nuwe *Klein Kook en Geniet* en een van die vroeër uitgawes van die standaard *Kook en Geniet* in haar hande.

Gewoonlik is 'n klein advertensietjie net voor Kersfees in *Die Huisgenoot* geplaas. Waar sy toe later in Bloemfontein gewoon het, het sy haar tuinier geleer om enkele boeke in pakkies op te maak terwyl sy en haar man die groter hoeveelhede hanteer het. Hulle het hierdie proses mettertyd as “singles, dobbels en trebles” beskryf. Op 'n dag het iemand haar een dogtertjie gevra wat haar pa doen. Sy antwoord toe pront: “Hy maak dobbels en trebles!”

Na die dood van haar man het Ina besluit om “af te tree”. In 1991, nadat die boek sy 15de volledig hersiene uitgawe beleef het, gee sy die leisels oor aan die uitgewery Human & Rousseau. Die jongste herdruk daarvan was in 2000.

Van 1951 tot 1991 was 'n lang pad van moeisame selfdoen, maar Ina de Villiers pluk ná 'n halfeeu steeds die vrugte daarvan – in die wete dat jong bruide en ander vroue, én al die manne wat ook van kosmaak hou, almal met vertrouwe kan kook. En dit geniet!



### JAPIE SE GUNSTELING



2 eiers, geskei  
250 ml (1 k) suiker  
60 ml (1/4 k) koekmeelblom  
250 ml (1 k) melk  
190 ml (3/4 k) lemoensap  
15 ml (1 E) suurlemoensap  
gerasperde geel skil van 1 lemoen  
30 ml (2 E) botter of margarien, gesmelt, of olie

1. Voorverhit oond tot 180°C. Klits eiergele en vou suiker in.
2. Voeg koekmeelblom en melk beurtelings by.
3. Voeg lemoen- en suurlemoensap, skil en gesmelte botter by.
4. Klits eierwitte styf en vou in.
5. Skep mengsel in 'n gesmeerde, oondvaste poedingbak. Plaas in 'n pan met warm water en bak sowat 45 minute of tot poeding bruin is. Dit vorm 'n fyn kors bo-op en 'n sous onderin.



# THINK AGAIN

The world we're living in has become a thoroughly complex one and to master knowledge these days needs special tools, partnerships and vision.



Stellenbosch University is presently one of only four universities in the world – and the only one outside Europe and the USA – to have acquired a license on a university-wide basis for academic application of the Think Tools Suite of programs.

This is the result of a historic partnership deal concluded late last year by the Centre for Knowledge Dynamics and Decision-making with Think Tools AG, a listed company on the Zurich New Market in Switzerland. The Centre is part of the University's newly established Department of Information Science.

Licenses for the Suite are priced at between 250,000 EUR and 1,000,000 EUR.

The Think Tools Suite has its roots in work done at the Max Planck Institute in Germany in the early

1980s by a group of physicists, who were later joined by psychologists and philosophers. The group analysed the human pathways to decision-making and the logical functions employed when analysing complex phenomena and relationships.

They found that humans are excellently skilled in imagination and conceptualisation, but are poor in comparative faculties. This is why we deal poorly with complexity. In addition, verbal, linear communication – the sort we employ in meetings – is poorly suited to analysing, making and communicating complex decisions.

The Think Tools Suite was developed to support human reasoning in these areas. It was formally introduced to the world at the World Economic Forum at Davos in 1997.

In 2000 the company listed on the Zurich Stock Exchange.

30/06/1998

It took 12 years to develop the computer-based support system known as the Think Tools Suite. The project is evolving rapidly and promises to become the world's premier integrated knowledge management and decision-making support system.

It is already the world's leading qualitative decision support system. The South African government acquired a national license in 1998, following a German government-sponsored program to assist in policymaking and integration. Several other governments in Asia, Europe and the United States, the World Economic Forum in Geneva and many large multinational companies, including BASF, Bayer, BHP-Billiton, Holcim, PriceWaterhouseCoopers and Renault use the tools for strategy development.

The Think Tools Suite is an especially powerful management instrument because the analytical and decision-making steps are captured in a way that makes it possible to communicate both the outcome and the process easily and effectively.

Moreover, any Internet link or local dataset can be embedded in any application, turning each reasoning architecture into a small library on the subject. These "libraries" can easily be transmitted between license holders.

In business terms one of the greatest strengths of the Suite lies in the transparency which the visualisation creates during a planning session, leading to a much higher "buy in" by those participating.

When used over a period of time, the



**THINKING CAPS ON!** Prof Johann Kinghorn (left), head of the Department of Information Science and director of the Centre for Knowledge Dynamics and Decision-making with Prof Ben Fouché of the same Department and also one of the country's leading authorities in the field of Information and Knowledge Management.

Suite brings about dramatic reductions in the time-to-decision, contributing to higher productivity and greater profitability. All knowledge generated is stored in its dynamic, systemic context, making it possible to revisit any plan or analysis and interrogate or adapt it to changing circumstances. However, probably the most compelling reason for the use of the Suite is its ability to help the leadership of organisations deal with the complex challenges thrown at them by today's globalised world.

Despite all these powerful dimensions the Think Tools Suite is still a tool. In the end the quality of the output depends on the quality of the input. The more knowledgeable the input, the more powerful the output becomes. This is why it was attractive to Think Tools AG to partner with Stellenbosch University.

The University, through the Centre for Knowledge Dynamics and Decision-making, provides cost-effective training to Think Tools users in the methodolo-

gies and logic that underpin productive use of the Tool Suite. Students in Information Science are also trained in the use of Think Tools as part of their studies in Decision Support Systems and Scenario Building.

The Centre, in collaboration with the Business School and other University bodies, is also equipped to provide companies and institutions who are Think Tools license holders with program application and content-based support.

As the benefits to be gained from use of the Think Tools Suite in strategy and scenario development can be greatly enhanced by the incorporation of specialist knowledge which may not be readily available in companies or the civil service, Stellenbosch University is able to afford Think Tools license holders access to the knowledge resources of the University.

**More details about the Think Tools Suite are available on [www.sun.ac.za/InfoScience](http://www.sun.ac.za/InfoScience)**

# 'n Vigseerste vir Stellenbosch

Stellenbosch het onlangs die eerste universiteit ter wêreld geword wat die Nagraadse Diploma in die Bestuur van MIV/vigs in die Wêreld van Werk (PDM) toegeken het.

Dié baanbrekervigskursus, wat sedert verlede jaar saam met die Mediese Universiteit van Suid-Afrika (Medunsa) aangebied word, is daarop gerig om MIV/vigs-programme in die werkplek te bestuur. Dit plaas Stellenbosch aan die voerpunt van tersiêre opleiding om die vigspandemie te bestry. Op vanjaar se grade- en diplomaplegtigheid in Maart is die kwalifikasie aan 61 persone toegeken.

Die inisiatief vir dié baanbrekerswerk kom van prof Bongani Khumalo, ereprofessor aan Stellenbosch se Departement Bedryfsielkunde en nou die voorsitter van Transnet en prof Jan du Toit hoogleraar in Bedryfsielkunde.

Al hoe meer Suid-Afrikaners (een uit elke vyf) lewe met dié siekte. "Dit lei tot 'n stygende afwesigheidsyfer in die werkplek en 'n gepaardgaande vermindering in produktiwiteit. Die vigs-kursus is daarop gemik om die bestuursvermoë te ontwikkel om programme te skep wat voorkomend en versorgend is en wat met welslae in die werkplek deurgevoer kan word," sê prof Du Toit.

Die gewildheid van die jaar-kursus het reeds die hoogte ingeskiet. Teenoor verlede jaar se 86 inskrywings, het 210 studente

hulle vanjaar daarvoor ingeskryf. Dié studente kom uit 25 lande buite Suid-Afrika – die meeste uit Afrika, maar sommige so ver as Asië en Amerika. Die buitelandse studente werk bykans almal vir die organisasie UNAids.

Die kursus word grootliks deur middel van die Internet gedoen. Studente besoek Medunsa vir een week in Maart en Stellenbosch vir een week in Junie vir intensiewe onderrig. 'n Belangrike komponent van die kursus is die praktiese deel daarvan soos interaksie met MIV-positiewe persone, ontleding van gevallestudies en die ontmoeting van rolspelers.

Onderhandelinge is aan die gang om dit van aanstaande jaar af ook in Frans aan te bied met veral die frankofoniese lande in Afrika as vernaamste teiken. Die kursus word ook deur die Suid-Afrikaanse regering, die VN-taakspan oor MIV/vigs in Suid-Afrika, die Internasionale Gesondheidsorganisasie (WHO) en die Internasionale Werkersorganisasie (ILO) ondersteun. Lede van dié organisasies bied van die lesings aan. Verskeie sakeondernemings is ook vennote in dié program.

## Carnegie Corporation grants \$1 million for AIDS course

The nature of the collaboration between Stellenbosch University's Department of Industrial Psychology and Medunsa's National School for Public Health in jointly presenting the Postgraduate Diploma in HIV/AIDS Management in the World of Work (PDM) has moved the Carnegie Corporation of New York to grant \$1 000 000 for this programme.

The grant (close on R12 million at the present exchange rate) will be spread over three years to help present the programme and Stellenbosch, as principal contractor for the project, will receive more than half the money – probably the largest donation yet to Social Sciences at Stellenbosch.

The HIV/AIDS Management in the World of Work (PDM) Programme was launched by Deputy State President, Jacob Zuma, in February of last year.

"The PDM is designed to reduce the impact of this devastating epidemic in the workplace and will positively address the disease in the communities of South Africa and eventually in the rest of Africa," says Prof Jan du Toit of the Department of Industrial Psychology, principal investigator and leader of the project at Stellenbosch.

The programme captured the imagination of the Corporation's Board of Trustees. In announcing the grant, the trustees said they were proud to support these efforts and that the particular union between Stellenbosch and Medunsa was a powerful one that "represents the heart and soul of the new South Africa."



A VISION FOR THE FUTURE:  
Prof Jan du Toit of the  
Department of Industrial  
Psychology and leader of the  
project at Stellenbosch.

# BEYERS, NAUDÉ

se naam  
verewig



VIR ALTYD VEREER: Beyers Naudé saam met die rektor en visekanselier, prof Chris Brink (bo) en links ontvang hy 'n eredoktorsgraad van die kanselier, prof Elize Botha.



“ Ons wil die saak waarvoor u gestaan het op akademies-wetenskaplike wyse bevorder. ”

Daar is onlangs aan dr Beyers Naudé, een van Matieland se bekendste en beroemdste oudstude-  
dente, dankie gesê dat sy naam gekoppel kan word  
aan 'n nuwe Sentrum vir Praktiese Teologie aan die  
Universiteit. Prof Daniël Louw, dekaan van die Fakulteit  
Teologie en een van sy kollegas, prof Russel Botman, direkteur  
van die nuwe sentrum, het persoonlik saam met die rektor en  
visekanselier, prof Chris Brink, besoek afgelê by Naudé in 'n  
aftreeoord in Johannesburg.

Louw het gesê die teologie het 'n ereskuld om die skade  
wat apartheid aan die samelewing aangerig het, te help her-  
stel. "Die gedagte is om navorsing by die sentrum te doen oor  
aangeleenthede wat sal help om die toekoms te bou."

Louw het gesê hoewel die Universiteit al erkenning aan  
Naudé gegee het deur 'n eredoktorsgraad aan hom toe te ken  
die Fakulteit Teologie dit op 'n wyse wou doen wat permanen-  
sie daaraan verleen.

Uit 'n navorsingsoogpunt is daar groot geesdrif vir die sen-  
trum en allerlei voorstelle is reeds gedoen, sê Botman. "Een  
hiervan is dat die navorsing van die SA Raad van Kerke se par-  
lementêre kantoor oor aangeleenthede waaroor hulle in die  
Parlement wil beding, by die sentrum gedoen word. 'n Groot


versameling gaan ook uit Nederland na die sentrum gebring  
word en daar word onderhandel om een wat Naudé vroeër aan  
Idasa gegee het – dit is tans in die Argief – by die sentrum te  
berg."

Voorts sal 'n versameling van alle dokumente, foto's, video's  
en koerantuitknipsels wat met Naudé se lewe verband hou  
deur die sentrum opgebou word sodat dit op een plek vir  
navorsers beskikbaar is.

Beyers Naudé het in die jare dertig aan die Kweekskool  
studeer. Hy was in 1937 voorsitter van die Matie-SR; hy was  
ook prim van Wilgenhof, voorsitter van die BTK en is tans die  
oudste lewende gewese SR-voorsitter. Die Universiteit het in  
2000 'n eredoktorsgraad aan hom verleen en die Universiteit  
se Klub van Oudstudenteraadsvoorsitters het hom ook met sy  
prestigetoekenning vereer. Naudé is nasionaal en internasio-  
naal ongetwyfeld een van die mees gerespekteerde, mees  
vereerde en mees invloedryke kerklike leiersfigure wat  
Stellenbosch nog opgelewer het.

Sy kommentaar oor die feit dat sy naam aan die Sentrum  
vir Praktiese Teologie gekoppel gaan word?

"Dit maak my verleë dat my naam so gebruik word, maar as  
dit die saak van die Here kan dien, is ek dankbaar."



# WOORDFEES

## 'n dubbele genot

As jy die eerste naweek in Maart vanjaar nie op Stellenbosch was nie, het jy 'n dubbele verlies gely – jy't die Woordfees misgeloop en jy sal lank moet wag om in 2003 weer so 'n geleentheid te kry.

**D**ubbelpunt, die tema van vroeër vanjaar se derde Afrikaanse Woordfees op Stellenbosch, het uit die staanspoor gesorg dat woordkunstenaars en –liefhebbers nuuskierig was oor wat dié dubbelpunt sou volg. Hulle verwagtings is nie teleurgestel nie. Trouens, menigeen het die fees dubbel soveel as in vorige jare geniet!

Deur die stewige program met meer as 70 temas is ook dubbeld seker gemaak dat daar oorgenoeg vir iedere smaak was – loslittig, ernstig vir pitkos en nadenke, filosofies en soetklinkend op die oor vir musiek liefhebbers.

Die Woordfees is opgedra aan Sheila Cussons, gevierde Suid-Afrikaanse digter. Amanda Botha, as gaskurator, het unieke kunswerke van haar tot uit Spanje versamel vir 'n eenmalige uitstalling. Vele belangstellendes het na praatjies oor haar kom luister of begeleide toere meegemaak. Dit was een van die wenners van die fees.

Nog 'n dubbelsamewerking wat die oor

gevang het, was die Boerneefsiklusse waarvoor die komponis Pieter de Villiers self kom gesels het. Vooraanstaande kunstenaars soos Mimi Coertse, André Howard, Marianne Serfontein en Hanneli Rupert het feesgangers in vervoering gehad. Die Sondagavond is die Woordfees ook afgesluit met 'n treffende kunsliedprogram, saamgestel deur Magdalena Oosthuizen.

In die gees van die 'dubbele' vreugde van die Woordfees, het kunstenaars uit eie bodem, gevestigdes en jonges wat podiumpoësie bevorder asook Nederlanders almal 'n punt gewys in Soete: Groete wat by D'Ouwe Werf aangebied is. Feesgangers het gesmul aan die kos én die woord. Lina Spies, Daniel Hugo, Christine Otto, Stefan Hertmans, Benno Barnard, Zandra Bezuidenhoud en Peter Snyders het vir laasgenoemde gesorg.

Daar is ook dubbeld seker gemaak dat oud én jonk ewe lekker kon feesvier toe 'n Kinderfees (saam met Clover) die eerste keer aangebied is. Dit was steeds 'n geval

FOTO'S: KARIN GREYLING



van dubbeld die aksie, dubbeld die pret!

Verskeie boeiende woordure met kenner wat aktuele onderwerpe bespreek het, het belangstellendes in hulle stoele vasgenaël gehou. Hoogtepunte, as 'n mens enkeles durf uitsonder, was *Van die Kaap tot Caprivi* toe skrywers soos Johan Bakkes, Abraham de Vries en Chris Barnard die gehoor op reis geneem het. Hanli Kriel, Ingrid Geldenhuys-Jones, Lizette Rabe en Irna van Zyl het feesgangers aan die praat gesit met hulle gevatte argumente en standpuntstellings oor die vrou se plek in die media en prof Sakkie Cornelius het op fassinerende wyse oor die eerste e-poster wêreld, *Storie op 'n kleitablet*, gepraat.

'n Nuutjie was die Filosofie: Kafee, wat by die Dorpstraattheater aangebied is. Die vlymskerp woordestryd tussen proff Anton van Niekerk, Paul Cilliers, Willie van der Merwe en Johan Hattingh, en ook Vasti Roodt, en skrywers soos Ronnie Belcher, Marlene van Niekerk, Louis Esterhuizen, Clinton du Plessis en Marlise Joubert het die feesgangers so meegevoer dat dit gerus 'n jaarlikse instelling gemaak kan word.

Die taal kan ook haar litte losmaak, die das losknoop en dans tot vroegdag. Benewens die Shoprite Checkers Neelsiefes waar kunstenaars die hele

Saterdag musiek gemaak het, was daar *Die Burger Akkerrock* waarin bekende kunstenaars soos Valiant Swart, Beeskraal en Karen Zoid Stellenbosch aan die brand gerock het. Die vermenging van woorde en musiek in Shoprite Checkers *Woordrock* waar die Dichters uit Epibreren, 'n podiumpoësiegroep uit Nederland, opgetree het, het wyd byval gevind.

Tien dramaproduksies onder die bewame leiding van Johan Esterhuizen was 'n fees opsigself – van die samespel tussen Amanda Strydom en Hennie Aucamp in 'n *Vuur gevang in glas* tot die herinneringe aan die skrywer Uys Krige in Neels Coetzee se *Die lewe is alleen draaglik as 'n mens 'n bietjie dronk is*, die Namibiese trefferstuk *Al op die olifant-trop se spoor*, die tekste van Riana Scheepers in *Hex* en die gedigte van Adam Small in *What about de lô*.

Die Afrikaanse Woordfees is nog glad nie koud nie. Skoolbesoeke deur skrywers in samewerking met Clover is regdeur die jaar op die spyskaart en die Woordfeespassie word ook dwarsdeur die jaar op verskillende wyses lewendig gehou.

Woordfees 2003, die vierde agtereenvolgende Woordfees, word reeds beplan sodat weer behoorlik feesgevier kan word. ■

LAAT ONS JOL IN AFRIKAANS: Van Karen Zoid tot Amanda Strydom – en Woordfeesgangers was vasgenaël.





# Meester van die lang pad

Om op *fifty something* die moordende Argus-fietstoer die tiende keer suksesvol aan te pak, sit nie sommer in enige man se saal nie. **Deur Sybelle Albrecht**

**V**ir prof Don du Toit van die Fakulteit Gesondheids-wetenskappe was dit maar net nog een van vele suksesse. Hy het onlangs die warmste Argus-fietstoer die afgelope 25 jaar in minder as vyf uur voltooi – en hom ook geensins laat onderkry deur 'n pap band wat 'n volle halfuur se aandag geveg het nie!

Soos reeds gesê, was die 2002 Argus Du Toit, hoof van Anatomie en Histologie op die Tygerbergkampus, se tiende. Hy ry trouens al sedert 1952 fiets en het sedertdien nie minder nie as 20 fietse gedaan gery. As vaskulêre chirurg was hy nog altyd gefassineer met sirkulasie tydens oefening.

"Fietsry is 'n vorm van aërobie se oefening en 'n lae-impak sport," sê hy. "Dit affekteer nie jou gewigte soos baie ander sportsoorte nie, en dit het kardiovaskulêre-, metaboliese- en immuunvoordele. Dit is goed vir die skelet en help met stres-hantering."

Vandag kan Du Toit die geheimenisse van die Argus ontrafel met die kundigheid van 'n gesoute trapper én dokter. En dit is presies wat hy doen in die gewilde Argus-handleiding, *Ride your*

*best Argus Ever*.

Dié handleiding is sy breinkind – dit het in 1999 die eerste keer verskyn en is pas bygewerk in 'n hersiene uitgawe. Hy het dit saam met drie van die land se voorste fietsryers

geskryf: Willie Engelbrecht, Springbokfietsryer, wat die Argus vyf keer gewen het, John O'Connor, WP- en nasionale amateur fietsryer, en Moolman Welgemoed, Superligakampioen van 2001 en tans een van die beste fietsryers in die Wes-Kaap en Suid-Afrika.

Dié vier skrywers was trouens almal in een of ander stadium 'n fietrykampioen en tussen die vier van hulle het hulle aan meer as 50 Argus-fietstoere deelgeneem. In dié uitgelese span is hy maar 'baie middelmatig', sê Du Toit. Nietemin was hy in sy matriekjaar en in die Weermag nasionale baan- en padfietsrykampioen.

*Ride your best Argus Ever* is 'n omvattende praktiese handleiding wat alle aspekte van die fietstoer breedvoerig dek – van die keuse van 'n fiets tot by voorbereiding, strategie en fisiologie wat 'n rol speel in fietsry.

Du Toit verduidelik dat die hersiene uitgawe ook hoofstukke bevat wat spesifiek gerig is op vrouefietsryers, tandemryers, veterane en gestremde ryers sowel as 'n hele hoofstuk oor die anatomie en fisiologie van fietsry en die uitwerking wat dit het op die kardiovaskulêre en asemhalingstelsel asook die spiere.

Die hersiene handleiding was letterlik Du Toit se tweede boek binne 'n jaar. Hy het verlede jaar ook die gewilde *Dokter in die huis* bygewerk. Saam met die agt ander boeke wat oor die afgelope tien jaar uit sy pen verskyn het, is hy sekerlik een van die Universiteit se produktiefste skrywers.

Op die oomblik is hy aan't skryf aan sy elfde boek, *A Guide for Aged Care*. Dit is 'n gids vir ouer mense om hulself voor te berei vir aftrede, veral in 'n aftreeoord of ouetehuis.

Du Toit sê sy bydrae tot mediese literatuur is grootliks toe te skryf aan 'n liefde vir die taal wat sy ma van kleins af reeds by hom ingeskerp het. "Sy het my geleer dat die grammatika van die taal wat ek praat of skryf, altyd korrek moet wees en dit het my lewenslank bygebly."

Hierdie kennis het hom baie gehelp toe hy sy mediese studie aan die Universiteit van Oxford in Engeland voltooi het en vir vier jaar as lektor aan dié universiteit verbonde was. Hy het in Engeland as chirurg gekwalifiseer en doktorsgrade in Engeland sowel as Suid-Afrika verwerf.

Benewens sy boekbydraes is Du Toit ook 'n konsultant vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), tans op die gebied van Anatomie, maar in die verlede het hy ook bydraes oor chirurgie gelewer. Hy lewer ook gereelde bydraes tot die Internetwebwerf, Your Health.

Hoewel fietsry en alles wat met dié sportsoort gepaardgaan die groot liefde in Du Toit se lewe is, het hy vir 25 van sy meer as 50 'goue jare' ook marathons gehardloop. Tesame met sy liefde vir sport het hy as geneesheer oor die jare 'n wye belangstelling in sportbeserings ontwikkel.

Hy wys daarop dat die behandeling, herstel en rehabilitasie van beseerde sportlui soos internasionale rugbyspelers van groot belang is in 'n wêreld waar sport vandag byna uitsluitlik professioneel van aard is.

"Die behandeling van sportbeserings het derhalwe 'n belangrike mediese dissipline geword wat gespesialiseerde kundigheid vereis."

In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe werk departemente etlike jare reeds interdisiplinêr en met die privaatsektor saam om nuwe kundigheid te ontwikkel. So is Du Toit se Departement Anatomie en Histologie formeel geaffilieer met

die Cape Shoulder Institute, 'n privaat onderneming wat bedryf word deur Oudmatie, dr Joe de Beer en vennote.

De Beer het baanbrekerswerk gedoen op die gebied van skouertrauma en word vandag as een van vier wêreldleiers op dié


## Fietsry is 'n vorm van aërobiese oefening en 'n lae-impak sport. Dit is goed vir die skelet en help met stres hantering.

gebied gereken. 'n Derde vennoot is die Universiteit se Departement Sportwetenskap.

Dié departement, tesame met Anatomie en Histologie op die Tygerbergkampus, en De Beer se Shoulder Institute, lewer diens van wêreldgehalte aan atlete met skouerbeserings. De Beer het byvoorbeeld onlangs artroskopiese chirurgie gedoen op die beseerde skouer van die Springbokrugbykaptein, Bob Skinstad.

Du Toit sê die drie vennote volg 'n geïntegreerde benadering in die hantering van sportbeserings, naamlik deeglike diagnose, die korrekte kliniese hantering van 'n probleem en akademiese opleiding. Hy verduidelik dat skouerbeserings veral algemeen voorkom in sportsoorte wat gooibewegings bokant die kop vereis.

Krieket, tennis, spiesgooi, hamergooi en netbal is enkele voorbeelde. "Dit is egter ook 'n groot probleem by rugby. Met die druk internasionale rugbykalender en veral reekse soos die Super 12 en Drie Nadies is ooreisiging algemeen en het skouerbeserings die afgelope jare verdriedubbel." Die gebruik van die skouerartroskoop het die behandeling van skouerbeserings aansienlik vereenvoudig. Dit is 'n moderne behandelingstechniek wat die afgelope agt jaar gebruik word. Dit verseker egter dat hierdie beserings nie meer deur ingrypende chirurgie herstel hoef te word nie. ■



**SKRYWER VAN FORMAAT:** Prof Du Toit se boek, *Ride your best Argus ever*, het in 1999 die eerste keer verskyn en 'n hersiene uitgawe het pas die lig gesien.

## Ben Burger internasionaal vereer



Prof Ben Burger van die Departement Chemie, alombekend as een van Suid-Afrika se voorste wetenskaplikes, se lys vereerings het aangegroei. Hy is onlangs vir drie jaar verkies

as lid van die raad van die hoogaangeskrewe International Society of Chemical Ecology, wat in Amerika gesetel is. Burger word deur die SNO (Stigting vir Navorsingsontwikkeling) as 'n Kategorie A-navorsers gereken. Onder die vele vereerings wat hom in die meer as 40 jaar (sedert 1961) wat hy reeds aan Maties doseer, te beurt geval het, is onder meer die Havenga-prys vir Chemie wat in 1989 deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken is. Hy was medeprofessor in Chemie van 1976 tot 1994 en het in 1995 professor geword.

## Uitsonderlike eer vir oudprofessor

'n Uitsonderlike eer het oudprofessor Manie Breytenbach, stigterslid van die Fakulteit Tandheelkunde en eerste professor en hoof van die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie aan Stellenbosch, te beurt geval. Die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika (CMSA) het aan hom 'n eretoekenning (Fellowship *ad eundem*) in Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie gedoen.

Dit is die eerste keer dat dit in dié vakgebied gedoen word en Breytenbach is nou in die geledere van 'n klein groepie uitgesoekte medies en tandheelkundig gekwalifiseerde persone. Die CMSA is 'n outonome liggaam, wat net soos die Kollege vir Geneeskunde in Brittanje,

gespesialiseerde kwalifikasies toeken in die vorm van Fellowships (in pleks van grade, maar met dieselfde status).

Manie Breytenbach het aan Tukkie gestudeer en was 'n onderwyser voordat hy hom as tandarts bekwaam het. Hy het in Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie gespesialiseer en MChD verwerf. Toe hy in 1963 na Stellenbosch is, het hy aan sy PhD(Odont) gewerk. Twee jaar later het hy dekaan van die nuutgestigte Fakulteit Tandheelkunde aan die UWK geword. Benewens bovermelde kwalifikasies het Breytenbach ook nog 'n MChD-grad (in Mondpatologie) verwerf asook 'n Diploma in Tersiêre Onderwys, die grade BA en MEd aan Unisa en die grade DED aan Maties.

Hy geniet sitting in die Internasionale Raad van Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie en het Suid-Afrika ook 12 jaar in dié liggaam verteenwoordig.

**HOOGSTE EER BETOON:** 'n Foto geneem toe die eretoekenning op 'n luisterryke plegtigheid in die Jameson-saal op Ikeys se kampus aan prof Manie Breytenbach (links) gedoen is.



## PRO BENE MERITO VIR BOSAL SE BAAS

Die *Pro Bene Merito* medalje, 'n prestigitoeckenning vir buitengewone diens aan die Universiteit, is onlangs aan mnr Karel Bos (1928), voorsitter van die internasionale Bosal groep, toegeken.

Prof Chris Brink, rektor en visekanselier, het die medalje namens die Universiteit op 'n dinee op Stellenbosch aan Bos oorhandig. Talle van Bos se kollegas, gesinslede en vriende uit België en Nederland het ook die dinee bygewoon. Hulle besoek het saamgeval met Bosal Afrika (Pty) Ltd se 50ste bestaansjaarvieringe in Maart.

Die *Pro Bene Merito* medalje word toegeken aan individue wat op nasionale of internasionale vlak die belange van die Universiteit bevorder.

*Pro Bene Merito* beteken "vir die goeie wat gedoen is". Bos is die agtste ontvanger van dié prestigitoeckenning.



Karel Bos (1928), wat sy naam só gebruik, met sy geboortjaar

tussen hakies, omdat sy seun (gebore in 1961) dieselfde naam het, se merkwaardige loopbaan vertel die suksesverhaal van 'n Nederlandse immigrant wat in 1952 motoruitlaatstelsels in 'n werkwinkel in Pretoria begin vervaardig het. Nou is die Bosal groep die derde grootste vervaardiger van onder meer motoruitlaatstelsels en sleepstange ter wêreld.

Die groep het 29 vervaardigingsaanlegte en 40 verspreidingsentrums in meer as 20 lande in Europa, Afrika en Noord- en Suid-Amerika.



**VIR BUITENGEWONE DIENS:** Prof Chris Brink, rektor en visekanselier, oorhandig die medalje aan mnr Karel Bos (1928).



RESEARCH INTO ANCIENT SPECIES: Prof Terry Robinson, head of the Zoology Department, believes that DNA evidence supports an Afrotherian grouping derived from a common ancestor.



# Research grant encourages EXCELLENT SCIENCE

Professor Terry Robinson, scientist and lecturer at the University's Zoology Department, has been awarded a Collaborative Research Initiative Grant by the Wellcome Trust, a UK-based charity devoted to scientific research into biomedical health and population research.

The Wellcome Trust was set up in 1936 after the death of Sir Henry Wellcome who invested the entire share capital of his pharmaceutical company in trustees, who distribute grants according to his primary wish – that they should support "scientific research which may be conducive to the improvement of the physical conditions of mankind". Today the Trust is the world's largest medical research charity with an annual expenditure of £400 million.

The Trust primarily supports researchers at UK universities, but is free to fund excellent science anywhere in the world.

The Wellcome Trust's international biomedical programme affords scientists the opportunity to spend time in laboratories outside their home country. It is within this pro-

gramme that Prof Terry Robinson will be conducting his research which has to do with Afrotheria. This concept proposes that one third of the orders of placental mammals constitutes an ancient group. This group was derived from a common ancestor that evolved in Africa when the continent was isolated through tectonic movement.

Most of the species find their fossil roots in Africa, and most are still confined to the continent. DNA sequence evidence supports an Afrotherian grouping comprising the elephant, the aardvark, the elephant shrews, golden moles, hyraxes and the dugong and manatees.


Robinson will endeavour to reveal more on genome organisation in mammals, the history of our early mammalian ancestors and the uniqueness of our own genome.

## EERBEWYSE/TRIBUTES


Oudmatie advokaat Altus Joubert is onlangs tot voorsitter van die Johannesburgse Balieraad vir sy millenniumjaar 2002 verkies.

## Oudmatie lei Johannesburgse Balieraad

**A**ltus Joubert is maar die tweede oudstudent van Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid wat dié eer te beurt val. Bykans 45% van alle praktiserende advokate in die land is aan dié balieraad verbonde. Joubert het die grade BA LLB aan Maties verwerf, MBA aan Ikeys en LLM cum laude aan die Puk. Hy is verlede jaar hier as besoekende professor in Publiekreg aangestel en as buitengewone professor aan die Puk se regs fakulteit. Hy was in sy studentejare primarius van Wilgenhof en is tot dusver nog die enigste Matiestudent wat op 'n monstervergadering tot hoofredakteur van *Die Matie* verkies is. Hy was ook redakteur van *Akkerjol*, voorsitter van die Primkomitee en voorsitter van die Debatsbestuur.



Advokaat Joubert



Rulof Burger

## Matie slaan beurs los

Rulof Burger, 'n M-student in Ekonomie, het 'n beurs van R250 000 gewen vir MPhil-studie in Ekonomie aan die Universiteit van Cambridge in Engeland.

**B**urger het dié beurs losgeslaan deur die jaarlikse landwye Ou Mutual/Nedbank Begrotingskompetisie vir nagraadse studente in Ekonomie te wen – die derde Matie wat dit in vier jaar regkry!

Die vorige winners, wat albei reeds aan Cambridge gestudeer het, is Stefan Ferreira, wat nou by Merrill Lynch in Londen werk en Morné Oosthuizen, verbonde aan Ikeys se Development Policy Research Unit.

Sedert 1999 het Maties ook 'n tweede plek verower en in die vyf jaar voor dit drie tweede en een derde plek. Dit is die 29ste jaar dat die kompetisie aangebied word.

Rulof het teen die land se beste nagraadse universiteitstudente meegeding. Hy is beoordeel op grond van 'n opstel, *The come and go of the state: Does fiscal conservatism abroad imply tax cuts at home?* en 'n diepte-onderhoud-met 'n paneel ekonome uit die privaat sektor en 'n verteenwoordiger van die Nasionale Tesourie.

Die Minister van Finansies, dr Trevor Manuel, het Rulof die aand van die Begroting op 'n galabanket in Kaapstad as wenner aangekondig. Rulof hoop om in September Cambridge toe te gaan.

## Steyn heads eminent scientific union

The University's director of Research and Development, Prof Piet Steyn, has been elected president of the International Union of Pure and Applied Chemistry (IUPAC). He will serve a two-year term until December 2003.

The International Union of Pure and Applied Chemistry (IUPAC), with its headquarters at Research Triangle Park in North Carolina, USA, is the largest of the Scientific Unions belonging to the International Council of Scientific Unions (ICSU), now called the International Science Council. This global, nonprofit, non-governmental scientific organisation is one of its kind covering all fields of chemical sciences.

Steyn is only the second IUPAC president from the southern hemisphere. Dr Al Rees of the Australian SCIRO served in this capacity



Prof Piet Steyn

from 1969-1971.

Steyn has received numerous awards during a distinguished career as professor of chemistry and researcher. He lectured at Potchefstroom University, prior to which he headed the Division of Food Science and Technology at the CSIR. He was recently elected as a CSIR Fellow.

The 44 member countries of IUPAC represent more than 80% of the global chemical production and research output. However, Steyn is committed to the broadening of the geographical base of the union and to contribute to the globalisation of the scientific endeavour.

At present South Africa and Egypt are the only full African members of IUPAC.

## HARVARD FELLOWSHIP for Ockie Dupper

Ockie Dupper, associate professor of Mercantile Law in the Stellenbosch Law Faculty, is returning to Harvard University for the third time – this time in a new capacity.

He has been allocated the coveted Fellowship to Harvard's Centre for Ethics and the Professions where he will conduct research on *Towards an 'ethical' interpretation of equality: The concept of 'fairness' in South African (employment discrimination) law.*

Dupper obtained an LLM (in 1991) and a doctorate (in 1999) at the Harvard Law School. Ten years ago he was also a visiting researcher there and a member of the Human Rights Programme Group Research Project on violence against women.

Currently Dupper lectures LLB and LLM students at Stellenbosch in Employment Equity and Labour Law under the

Constitution. He says he is acutely aware of the urgent need for academics to bridge theory with practice in order to recast South African legal culture in the light of human rights and democratic norms.

He has contributed to South African social justice and democratic transformation in various ways. He is committed to find solutions to the particular problems that marginalised and disadvantaged South Africans face on a daily basis.

Dupper is the author of numerous books and articles and has been a recipient of both the Fulbright and Harry Crossley scholarships as well as the Wilfred Kramer Law Grant.



Prof Ockie Dupper

# M-Net rewards Matie and his mechanical motor

Initiative, design, testing and co-operation recently brought both recognition and reward to a Matie Mechanical Engineering student. **By Carolyn Frost**

**N**icol Louw was presented with the Jac van der Merwe prize for Innovation, a sum of R15 000, after he and fellow fourth-year students, Rohan South and Reimar Schüllénbach, conceptualised, created and put on trial their

The Baja Bug was first raced at Pentech in Bellville last year. It came second and achieved top speeds of over 50 km/h, demonstrating excellent performance in terms of acceleration, braking, speed, deceleration, manoeuvrability and towing, as well as on the obstacle course.



GO! GO! GO!  
May van der Merwe, widow of Jac van der Merwe, behind the wheel of the Mini Baja Bug, with Nicol Louw (left) and Dave Hagen of M-Net.

Mini Baja Bug vehicle. The Baja Bug formed part of a project launched by the Mechanical Engineering Department and aimed at developing students' capacity to take a design through to a marketable, successful prototype.

The four-wheeled, single-seat bug had to conform to a series of strict specifications, including the ability to handle rough terrain without sustaining damage.

After this initial success, the team head-

ed for Pretoria University for the SASOL and DaimlerChrysler Mini Baja event, where they came second. There were 25 contenders. The winning team from Rochester Institute of Technology in the USA claimed victory with a winning margin of only 7 points. The Matie team received top honours for the best newcomer to the event, and also won the 4-hour endurance event.

The Mini Baja competition originated in the States in 1976, making its way to South African universities and technicians where undergraduate and post-graduate students work in teams to produce these prototypes.

Nicol Louw's vehicle design, extraordinary application of mountain bike braking systems, and the simulation program he applied to predict the outcome, were taken into account when a winner of the Jac van der Merwe Innovation prize was selected.

Jac van der Merwe, a Matie Old Boy, was a brilliant and inventive student when he was with the Department of Mechanical Engineering. He subsequently became a founding member of M-Net, where he contributed to the conceptualisation of the decoder as a solution to pay TV channels. He died in an aircraft accident in Europe in 1994, and to commemorate his life and his achievements, M-Net awards this annual prize.

A decisive factor in Louw's favour, says the Dean of the Engineering Faculty, Prof PW van der Walt, was that "he wasn't simply innovative, but also put his product to the ultimate test and proved it." Conclusively, obviously.

## GESONDHEID!

Dr Piet van Rooyen met die ridderskaptoekening van die orde Chateau du Clos Vougeot. Die silwer tastevin aan die lint is die tradisionele bekertjie waarmee 'n pas ooggemaakte bottel goeie wyn geproe word.



As daar een ding is wat Stellenbosch en Frankryk gemeen het, is dit goeie wyn.

Deesdae is daar nog iets wat bykom – 'n Stellenbosser in die geledere van die Internasionale Wynakademie.

Deur Mattie vd Merwe

## EERSTE OUDMATIE LID van Internasionale Wynakademie

Met sy jaarlikse sitting op 6 Desember 2001 in Geneva, Switserland, het die Internasionale Wynakademie 'n Oudmatie, dr Pieter van Rooyen, 'n volle lid gemaak nadat hy die vereiste drie jaar 'n addisionele lid was.

Van Rooyen, hoofdirekteur van die Departement van Landbou in die Wes-Kaap, is die enigste verteenwoordiger uit die suidelike halfmond – en die enigste Oudmatie wat dié eer nog te beurt geval het.

Net 60 mense wêreldwyd is amptelik lid van hierdie akademie wat bestaan uit vooraanstaande wynjoernaliste, -produsente en -bemarkers. Bekende lede is die bankier, baron Edmund de Rothschild, en die Franse wynkundige, prof Jean Branas. Italië, die Verenigde Koninkryk, Switserland, Spanje en die VSA is goed verteenwoordig in dié akademie.

Die akademie is 'n forum waar tendensvormers die bedryf bestudeer en dikwels ook stuur. Op die jaarlikse vergade-

ring moet elke lid 'n referaat oor een of ander aspek van die wynbedryf lewer – en dit boonop in Frans!

“Om lid te kan wees, moet 'n mens Frans goed onder die knie hê,” sê Van Rooyen. “My teenwoordigheid daar is 'n voorreg wat spruit uit my studies in Frankryk en al die opvolgbesoeke oor die jare. Ek hou my Frans in stand deur baie te lees.” Hy het reeds in 1972 diplomas in Frans en in besproeiingstegnologie in Parys verwerf.

Van Rooyen sien sy lidmaatskap eensyds as 'n geleentheid om die smaak en gehalte van Suid-Afrikaanse wyne op internasionale vlak te bevorder. Andersyds kan hy nou die plaaslike bedryf adviseer oor internasionale tendense in die produksie van gehaltewyne.

Sy werk in die wynkunde het hom al voorheen die ridderskap van die orde Chateau du Clos Vougeot van Boergonje in Frankryk besorg. Net 'n handjie vol Suid-Afrikaners het al dié toekening ontvang wat as die Confrérie des

Chevaliers du Tastevin van Chateau du Clos Vougeot bekend staan. En dit gebeur net op uitnodiging!

Met 'n BScAgric-graad van Stellenbosch het Van Rooyen sy loopbaan as navorser by die Departement van Landbou in 1968 begin. Terselfdertyd het hy aanhou studeer en in 1973 het hy 'n doktorsgraad verwerf.


Maar hoe beland 'n kranige intellektueel, wat sy honneurs- en magistergrade cum laude verwerf het, in bestuur?

“Dit was nie 'n bewustelike besluit nie,” sê hy. “Die Departement van Landbou het my 'n pos as assistentdirekteur aangebied.”

In sy agt jaar by Nietvoorbij Instituut vir Wingerd- en Wynkunde vorder hy tot adjunkdirekteur. Daarna is hy 'n klompie jare adjunkdirekteur by die Navorsingsinstituut vir Vrugte en Vrugtetegnologie en tien jaar direkteur by Infruitec (Landbounavorsingsraad). Sedert 1997 is hy in die hoofdirektoraat van dié Departement.

# LARGE GRANT TO STUDY sudden death syndrome

Medical researchers from Stellenbosch University's Faculty of Health Sciences are part of an international team who will study the inherited heart disorder, Long QT syndrome. This is significant recognition for South African cardiology and medicine.



**EXPECTING THE UNEXPECTED:** Prof Paul Brink (left) with Prof Peter Schwartz of Italy leading the research team on Long QT Syndrome.

An international team of medical researchers, including researchers from Stellenbosch University's Faculty of Health Sciences, has received a grant of over \$2,2 million to study the inherited heart disorder, Long QT syndrome.

People suffering from the disorder are prone to fainting and sudden, unexpected death, often before the age of 20. Mostly the victims are children and teenagers who die due to physical or emotional stress such as running or swimming or being frightened.

The money will be made available over a period of five years and was granted by the National Institutes of Health (NIH) in the United States. Fifteen South African families, comprising more than 300 family members who carry the defective gene, will be studied.

Prof Peter J Schwartz, chairperson of the Department of Cardiology at the Research Hospital Policlinico S Matteo in Pavia, Italy, and Prof Alfred L George, chairperson of the Department of Human Genetics at the Vanderbilt University in Nashville, Tennessee, will lead the team. The principal researcher of the Stellenbosch team is Prof Paul Brink of the Department of Internal Medicine.

## Irregular heart rhythms

Brink says Long QT refers to an electrocardiographic abnormality where the heart muscle recovers too slowly after each beat. This is associated with dangerously irregular heart rhythms (arrhythmias) and fainting spells. During these spells, the heart may develop a rapid and uncontrolled rhythm, known as ventricular fibrillation, which means that no power is generated to pump blood out of the heart. If a regular heartbeat is not re-established, either naturally or with cardiac resuscitation, the victim will suffer sudden death within minutes. In the past, this disorder was often misdiagnosed as epilepsy.

## Genetic defect

Stellenbosch researchers have identified 15 families, comprising more than 300 family members, who share the identical genetic defect that causes Long QT

syndrome. Of the 133 people who have been tested, 87 carry genetic mutations associated with the syndrome. Seventeen deaths of members under the age of 20 have been recorded in the group, often while swimming.

Brink points out that 30% of the people who carry the defective gene never experience attacks. "We hope to use the South African cohort of families to identify the congenital variations (modifier genes) that determine why some people suffer attacks while others don't," he says.

## Founder population

Brink says a major strength in the group's application for funding besides their scientific credentials, is their access to the founder population who all carry an identical genetic mutation. These groups of families represent an isolated population that may improve the researchers' chances of identifying genetic modifiers.

"We will do a comparative study to investigate the underlying modifier genes associated with congenital Long QT syndrome. If successful, we will identify those genes that either facilitate life-threatening arrhythmias or afford protection against them. These genes are likely to play a major role in determining survival in other more common and prevalent heart diseases such as ischemic heart disease and congestive heart failure. In this regard the implications of the project go far beyond Long QT syndrome."

## Recognition

Applications for funding by the NIH are extremely competitive, and very few grants are awarded to foreign countries. Out of almost 50 applications covering projects on modifier genes, only 12 were successful. Only two involved foreign countries. Therefore this grant is a significant recognition for South African cardiology and medicine and could be an important stimulus to obtain foreign funding for research in this country.

Schwartz has regularly visited Brink at Tygerberg Hospital over the past two years and will continue doing so in preparation for this project.

# The irony of a surgeon's death


In a country where crime soars, a violent death is often just part of statistics. However, this surgeon's untimely death will never be forgotten – it brought hope to many who have had no hope for too long.

**W**hile he was on his way to work early one morning in June last year, a young Tygerberg neurosurgeon, Dr Ebrahim Hansa, was shot in the back in an apparent hijack attempt. In hospital, hours later, doctors discovered that the young surgeon was rendered paraplegic by the bullet that went through his spine. He could not move or even breathe on his own.

While visiting the injured doctor in hospital, Thailia Cronjé of the Marketing Department in the Faculty of Health Sciences, met his older brother, Dr Cassim Hansa, who is a registrar at Groote Schuur Hospital. Hansa asked Cronjé if there was perhaps someone at Stellenbosch University who could develop technology that would help his brother to communicate with the outside world.

Desperate to help his brother, Hansa had discovered that such technology was available overseas, but it was prohibitively expensive as prices range from R140 000 to R280 000.

Cronjé referred Hansa's request to Stellenbosch University's Engineering Faculty, and the woman who took up the challenge was Alette Barry, an engineering student in her final year. She quickly came to the conclusion that it was indeed possible to develop similar technology in South Africa at a more affordable price,



**TECHNOLOGY DEVELOPED LOCALLY:** Alette Barry demonstrates the new technology to members of the Faculty: From the left Prof Bennie Hartzenberg, Prof Jeff Coetzee, Prof Wynand van der Merwe and Prof Barney de Villiers.



computer – spectacles with movement and blink sensors to direct the computer's cursor and a microphone that the patient blows into to click the computer's mouse. The patient clicks on a visual keyboard (available free of charge on the Internet) by blowing into the microphone. This enables the patient to type out messages. Even quadriplegic patients who are on ventilators because they cannot breathe on their own, can still blow puffs of air that will activate the mouse.

Barry says the whole system can be developed at a cost of only R500

(excluding the cost of the computer), making it widely accessible to quadriplegic patients in South Africa. Since demonstrating the equipment to Faculty staff, Barry has successfully tested it on paraplegic patients in the Conradie Hospital.

Today she knows that although Dr Hansa had not lived long enough to benefit from the technology, it can still improve the quality of life of many patients. And it will always serve as a reminder of a doctor who dedicated his career to helping patients with injuries from shootings – only to be shot himself.

and she immediately started work on the project.

Sadly, Dr Ebrahim Hansa did not live long enough to see the results of Barry's work. He died some two weeks after the shooting.

However, his death was not in vain. Just five months after his death, Barry came to the Faculty of Health Sciences to demonstrate the technology she had developed in the months after his death.

This technology comprises attachments that can be fitted to any home

# 'n Dok is weer VOORBOEK

As daar nou iets is wat menige Matie na aan die hart lê, is dit Matierugby. Oor die jare was dié klub die teelaarde vir verskeie briljante Springbok-rugbyspelers. Maar baie hang af van die afrigter...

In 1996 klop die destydse Noord-Transvaal die Suidwestelike Distrikte (SWD) met 'n allemintige 148-7. Phil Pretorius word in 1997 afrigter van SWD en herdoop dié span die Arende.

In dieselfde jaar en boonop nog ook op Loftus Versfeld – tuisveld van Noord-Transvaal – word die bordjies verhang en sit SWD Noord-Transvaal ore aan met 'n eindtelling van 30-18. Hiermee bewerkstellig Pretorius die grootste ommekeer (en skok) in 106 jaar se Curriebeker-rugby. Hy vermag in een jaar wat die meeste rugbykenner as haas ondenkbaar beskou het.

Hierdie is maar een van die vele mylpale van die nuwe hoofafrigter van Matie-rugby.

In 1998 neem hy die leisels oor as hoofafrigter van die Gauteng Valke. Onder Pretorius se leiding verloor die Valke in 2000 net drie uit 15 wedstryde in die Curriebeker-reeks en druk boonop die meeste drieë in dié kompetisie. Pretorius sê dit is dié soort rugby wat hy graag by Maties gespeel wil hê.

Hardlooprugby is vir hom belangrik,

maar daarmee saam wil Pretorius steeds die kultuur en tradisie van die Maties in ag neem. 'n Mens krap nie sommer aan 'n wenresep nie. Soliede voorspelerspel is vir Pretorius een van die belangrikste aspekte van die spel. Hy beskou dit as die grondslag vir enige suksesvolle span



AL DIE GROTES: Phil Pretorius (naasregs) saam met sy voorganger, Ian Kirkpatrick (links), onder wie se afrigting die Maties ongekende hoogtes bereik het, Jannie Engelbrecht (naaslinks), president van die Maties Rugbyklub, en Belius Potgieter, direkteur van Sport aan die Universiteit.

en gaan baie aandag aan skrums en lynstane by Maties gee.

Met Pretorius nou hoofafrigter van Maties, loop hy in die diep spore van grotes soos dr Danie Craven, Oubaas Markotter, Dawie Snyman en Ian Kirkpatrick. Hy weet hy het uitmuntende voorgangers gehad en dat die verwagtinge hoog is. Stellenbosch is egter vir hierdie doktor in die Geskiedenis veel meer as net 'n klub. Hy beskou dit as die hartklop en bloeikrag van SA rugby en as sy "eerste keuse vir afrigting".

Maar Pretorius is nie net op die rugbyveld bedrywig nie – hy is ook 'n geesdriftige rubrieksrywer en medewerker vir verskeie koerante, tydskrifte en die Internet. Publikasies wat uit sy pen verskyn het, sluit in *Senior rugby in Pretoria 1938 – 1988* en *Die geskiedenis van rugby in Noord-Transvaal*. Hy was ook 'n medewerker van *Noord-Transvaal Rugby 50*.

Een van sy minder bekende prestasies is dat hy tot onlangs toe nog 'n onoorwonne vasvrakampioen was – hy is reeds as kampioen van die SAUK se Rugbyvasvra, die Nasionale Lion Cup

Vasvra, die SAUK se Olimpiese Vasvra en die SAUK se Algemene Sportvasvra gekroon!

Mnr Jannie Engelbrecht, beroemde Springbok van weleer en president van die Maties Rugbyklub, het gesê die Maties is gelukkig om iemand van die statuur van Phil Pretorius vir Stellenbosch te kon werf.

Teen druktyd van dié uitgawe het die Maties se eerste span reeds gespog met oorwinnings oor onder andere die Kovies (op hul tuisveld in Bloemfontein) en die Pukke wat hier op Stellenbosch in 'n taai stryd die knie moes buig. Op 4 Mei het hulle die Ikeys in die Intervarsity hier gepak en gelykop gespeel en op 27 Julie herleef een van die kragmetings wat SA rugbygeesdriftiges in die verlede altyd gaande gehad het wanneer Maties weer teen Tukkies in 'n Intervarsity uitdraf. Dit vind op Stellenbosch plaas.



FOTOS: EKESTADNULUS

**MATIES KRAAI KONING:** Maties se eerste rugbyspan in aksie.

## SAAMTREK SOOS VAN OUDS

'n Kragmeting wat in die verlede altyd 'n hoogtepunt op die Suid-Afrikaanse rugbykalender was, herleef op 27 Julie wanneer Maties en Tukkies weer teen mekaar opdraf. Dié wedstryd vind op Stellenbosch plaas en 'n groot saamtrek van oudspelers tot 1960 word beplan om daarmee saam te val.

Die voorsitter van die Matie Ondersteunersklub, mnr Johan Fechter, van Somerset-Wes, sê twee soortgelyke saamtreke is verlede jaar gehou en was uiters geslaagd.

"Ons het sedertdien herhaalde versoeke van die oudspelers tot 1960 ontvang om weer so te maak en waar is nou 'n beter geleentheid as met die wedstryd tussen Maties en Tukkies op 27 Julie op die Danie Craven-stadion?"

Fechter sê gades en metgeselle is welkom om saam te kom. Verrigtinge sal dié dag om 11:00

begin en die aand met 'n spitbraai afgesluit word. Hy het 'n beroep gedoen op alle betrokkenes "om op te ruk Coetzenburg toe, goeie vriende weer te sien en ou gebeure en staaltjies te vertel en te waardeer." Uitnodigings vir dié geleentheid word in Junie gepos.

Hy het bygevoeg: "Dit gaan op die oomblik soos almal weet, glad nie goed met klubrugby in die land nie, maar ons in Matieland is egter baie optimisties oor die toekoms. Dit kom veral na die aanstelling van Phil Pretorius as hoofafgrigter van die Maties. Die Matieklub beskik oor 'n klomp jong en talentvolle spelers wat ons glo met Pretorius se afgrigting vanjaar weer uitstekend sal presteer."

■ Navrae kan gerig word aan Marie Maree by (021) 808-3026 of stuur e-pos aan [mm@sun.ac.za](mailto:mm@sun.ac.za)

## Ernst maak weer so!

Oudmatie Ernst van Dyk, operasionele bestuurder van die Universiteit se gimnasium op Coetzenburg, het onlangs weer groot naam vir Maties en Suid-Afrika gemaak deur die rolstoelwedren in die beroemde Boston-marathon in Amerika die tweede jaar agtereenvolgens te wen. Sy wentyd was 1 uur, 23 minute en 19 sekondes. Van Dyk, wat net een normale ledemaat het, het verlede jaar in Grand Rapids in die Amerikaanse staat, Michigan, 'n wêreldrekord in 'n rolstoelwedren oor 25 km opgestel. Hy is ook verlede jaar as die Europese marathonkampioen gekroon nadat hy die sesde internasionale rolstoelmarathon op die Europese kampioenskapsbyeenkoms in Oensingen, Switserland, gewen het. Hy was in 2000 Maties se Sportman van die Jaar.



FOTO: TOUCHLINE



## TWEE OUDMATIES onder agt wat eregrade kry

**O**udmaties prof Johan Degenaar, afgetrede dosent in Filosofie op Stellenbosch, en prof Jaap Durand, gewese viserektor van die UWK en nou Maties se ombudsman, is onder die sewe mense wat einde verlede jaar en vroeër vanjaar eredoktorsgrade aan Stellenbosch ontvang het.

Degenaar en Durand is in Maart saam met twee Europese akademici, proff Piet van Sterkenburg en Walther Zimmerli, vereer (sien berig hiernaas).

Degenaar het aan die Universiteit van Stellenbosch en Groningen gestudeer en is in 1949 hier as dosent in die Departement Filosofie aangestel. Hy het in 1969 professor en hoof van die destydse Departement Staatsfilosofie geword. Degenaar is die skrywer van talle invloedryke publikasies en 'n pionier wat 'n verskeidenheid filosofiese denkskole en konsepte bekend gestel het. Sy kritiese beskouing van filosofiese, godsdienstige en politieke kwessies het hom dikwels in sy loopbaan in onguns gebring by heersende establishments.

Jaap Durand is een van die mees gerespekteerde Suid-Afrikaanse teoloë en akademici van die afgelope dekades. Hy geniet wye erkenning as 'n invloedryke figuur in die soeke na geregtigheid, versoening en vrede in ons samelewing. Hy was viserektor en adjunkvisekanselier (1981-94) van die Universiteit van Wes-Kaapland, en het sedert 1994 tot met sy aftrede as waarnemende rektor nog 'n merkwaardige rol gespeel om die UWK te vestig as 'n erkende Suid-Afrikaanse universiteit.

## EREGRADE AAN FINANSLEIERS EN EUROPESE AKADEMICI

Ter viering van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se 75-jarige bestaan is eregrade aan drie groot name in die finansiële wêreld verleen. Hulle is:

■ **MNR DEREK KEYS**, wat in die laat jare 80 verantwoordelik was vir die transformasie van Gencor. Hy het 'n sentrale rol gespeel in grondwetlike hervorming. **MNR CHRIS LIEBENBERG**, aangestel as Minister van Finansies in 1994 tydens die regering van Nasionale Eenheid. Daarna het hy teruggekeer na Nedcor as voorsitter. **MNR TREVOR MANUEL**, wie se konsekwente fiskale beleid 'n belangrike pilaar van die regering se binelandse en internasionale geloofwaardigheid in die ekonomiese sfeer geword het.

Twee Europese akademici het ook eredoktorsgrade ontvang: ■ **Die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil)** is toegeken aan: **PROF WALTHER CHRISTOPH ZIMMERLI**, Zürich-gebore filosoof en rektor van die Duitse Universiteit Witten/Herdecke. Hy is 'n akademikus en skrywer van talle boeke oor Duitse kultuur en Politieke Filosofie.



Proff Piet van Sterkenburg en Walther Zimmerli



Chris Liebenberg, Trevor Manuel en Derek Keys

■ **Die graad Doktor in die Lettere (DLitt)** is toegeken aan: **PROF PIET VAN STERKENBURG**. Hy is direkteur van die Instituut voor Nederlandse Lexicologie en hoogleraar in Leksikologie aan die Rijksuniversiteit Leiden in Nederland. Deur sy werk het hy onder meer 'n noue band met die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT).

## EREMAGISTERGRAAD



Victor Honey

'n Eremagistergraad in Wysbegeerte is verleen aan mnr Victor Honey wat baie jare aan die Departement Beeldende Kunste verbonde was. Honey het by verskeie geleenthede as hoof van die departement waargeneem. Hy was 'n gereelde beoordeelaar van verskeie belangrike kunskompetisies, soos Volkskas Atelier, Cape Triennial en Santam Kunsbeurse en het vir vier dekades 'n aktiewe rol in die Suid-Afrikaanse kunstewêreld gespeel.

## APPOINTMENTS AND PROMOTIONS AT THE BUSINESS SCHOOL

Various new appointments and promotions that strengthen the academic team of the University's Business School (USB) have been announced.

**Reuel Khoza**, chairman of Escom and director of companies, has been appointed honorary professor at Stellenbosch University's Business School. He will share his expertise on transformation issues, strategy and leadership with students and programme participants of the School.

Full-time appointments at the School include **Dr Babita Mathur-Helm**, who will lecture on Organisational Renewal and present a special course on Management and Gender at MBA level. **Mathur-Helm** has experience in consulting in organisational and management development in the public and private sector.

A recent graduate of the School, **Dr Therese Fish**, will teach Business Statistics and Financial Management at the School. She will also liaise with students regarding academic matters. Fish was formerly employed in the Health Department (City of Tygerberg).

**Dr Louis Fourie**, formerly of Potchefstroom University's Business School, will teach Information System Management and e-Business at the Stellenbosch Business School. He is well-known for his regular radio talks.

Recent promotions include Business School lecturers **Dr Stephanus Loubser**, associate director: International Affairs at the Business School and **Dr Nicholas Biekpe**, head of the Africa Centre for Investment Analysis (ACIA), who were both promoted to associate professor earlier this year.

The operations manager of USB Executive Development Ltd (USB-ED), **Johan Burger**, has been appointed the new CEO of this company. USB-ED presents all the nondegree management development programmes at the Business School.



### EXCELLENCE REWARDED:

Reuel Khoza, Babita Mathur-Helm, Therese Fish, Louis Fourie, Stephanus Loubser, Nicholas Biekpe and Johan Burger.

## Nuut en herkies in die Raad

Oudmatie Ruda Landman, ongetwyfeld een van die bekendste TV-persoonlikhede in die land, is deur lede van die Konvokasie van die Universiteit as lid van die Raad verkies.



**V**oordat die Raad se ledetal enkele jare gelede aansienlik uitgebrei is, is bitter min vroue ooit tot dié hoogste gesagsliggaam van die Universiteit verkies. 'n Uitsondering was die bekende prof Erika Theron, wat baie jare hoof van die Departement Maatskaplike Werk aan Stellenbosch was. Sy het in die sewentigerjare in die Raad gedien.

Benewens Landman is mnr Ritzema de la Bat en dr Christo Wiese deur die Konvokasie as lede herkies. Hulle sal saam met Landman tot 1 April 2006 in die Raad dien. Nog 'n lid van die Raad wat deur die donateurs heraangety is, is dr Gerhard van Niekerk. Sy termyn sal ook tot 1 April 2006 strek.


Ruda Landman, wat as Matiestudent 'n inwoner van Huis ten Bosch was, is reeds 13 jaar medeaanbieder van die M-Net aktualiteitsprogram, *Carte Blanche*. Sy is onder meer ook voorsitter van die Raad van Trustees van NRO Project Literacy en direkteur van Helpmekaar Kollege.

Mnr Ritzema de la Bat, wat as student onder meer prim van Wilgenhof was, dien sedert 1983 in die Raad. Hy is die voormalige besturende direkteur van die KVV en was vroeër viserektor (bedryf) aan die RAU.

Dr Christo Wiese, aan wie die Universiteit enkele jare gelede 'n eredoktorsgraad verleen het, is een van Suid-Afrika se bekendste sakemanne. Hy is onder meer voorsitter van Pepkor Bpk, Shoprite Holdings Bpk en direkteur van die KVV.

Dr Gerhard van Niekerk, wat aan Stellenbosch, Northwestern Universiteit (in Chicago) en Harvard gestudeer het, het einde Maart verlede jaar as besturende direkteur van Old Mutual afgetree. Hy het in 1992 'n direkteur van dié versekeringsreus geword. Die Universiteit van Transkei het in 1996 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.

**GEKIES OM TE LEI:**  
Van links Ruda Landman, Gerhard van Niekerk, Ritzema de la Bat en Christo Wiese



### Mededekaan vir grootste fakulteit

Die Universiteit se grootste fakulteit, die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, het nou ook 'n mededekaan. Daar was nie voorheen so 'n pos nie.

Prof Johan U de Villiers is sedert Maart deeltydse mededekaan (programontwikkeling en binnelandse bemarking).

De Villiers het BIng(Chemies) in 1976 en MBA met lof in 1980 aan Stellenbosch behaal. In 1988 het hy 'n doktorsgraad aan Wits verwerf en in 1994 die CFA (Chartered Financial

Analyst) kwalifikasie in die VSA.

Hy is in 1997 as professor in die Departement Ondernemingsbestuur aangestel en is sedert Januarie 2001 voorsitter van dié departement.

Hy was voorheen hoof van die Departement Bedryfsekonomie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Sy vrou, Maureen (Jordaan), is ook 'n Oudmatie. Sy het BA (1974), 'n Hoër Onderwysdiploma (1975) en 'n Diploma in Skoolbiblioteekwese (1976) aan Stellenbosch verwerf. Hulle het twee kinders, Michiel en Renette.

# THROUGH THE LENS



## A tribute to Alice Mertens

She will be remembered for her considerable legacy in the form of captured images. Victoria Alice Mertens, master photographer and writer, died at Stellenbosch in October last year. She was 86.

Alice was born on 27 February 1915 in the then South West Africa and grew up on a farm near Windhoek, which gave her a keen insight into the region and its people. She received her training in photography at the Raimann School in Berlin, and then worked as a freelance commercial photographer and journalist in Cape Town.

In 1964 she was appointed lecturer in Photography at the Department of Fine Arts at Stellenbosch University, where she taught until her retirement at the end of 1980. Alice also wrote about Stellenbosch, where she lived for 21 years until her death. She captured the beautiful architectural heritage of the town in which she spent such a considerable part of her life.

As a professional photographer, Alice held exhibitions in South Africa and her native 'Südwest', and published ten comprehensive photo essay books between 1964 and 1975. Inspired by the natural environment and indigenous people of Southern Africa, she dedicated her life to the portrayal of the uniqueness and diversity of people and places as she experienced them.

Other focal areas of her work included the Eastern Cape and the tribal populations of Zululand and the Transkei region.

She received national and international recognition for the quality of her work, and is considered to have made a significant contribution to the Visual Anthropology of Southern Africa through her photographic labours.

As benefactor of the former Department of Anthropology of Stellenbosch University and the Anthropology section of the University Museum, she donated photographs as illustrative material for lectures and displays.

Describing Alice as "absolutely fanatical in getting the perfect print", Victor Honey, also previously with the Fine Arts Department, remembered her meticulous attention to detail and demanding standards.




Close friends, Sylvia and Wim Tijmens, fondly remember her as a strong and committed woman, uncompromising in the commitment of her life and passion for her art.

Wim reflects on Alice's generosity with her photographs, distributing them to various organisations free of charge, and the fact that they were

used by South African embassies throughout the world to represent the cultures from this region.


Wim said she was so intent on perfect shots that on one occasion she actually dug herself into a deep, sandy hole in the Etosha Pan, securing photos from underneath elephants' bellies as they trundled over her camouflaged body!

Her incomparable photographic record speaks through her books: *South West Africa*; *Children of the Kalahari*; *African Elegance*; *Kavango*; *Namib* and *The Zulu* to name but a few. ■



A WORLD IN PICTURES: Some of the covers of the photo essay books of the prolific photographer, Alice Mertens.

Daar is verneem dat die volgende Oudmaties en oudpersoneellede van die Universiteit onlangs oorlede is:



Eric Bartel

Jan van Niekerk

Siphon Maseko

Nick de Klerk

■ **DR ERIC BARTEL** (63)

BSc, MSc, PhD; dosent aan US in Organiese Chemie tot sy aftrede drie jaar gelede, waarna hy deelydse dosent was; 'n bekende in Bolandse gholfkringe.

■ **MEV MANENA BOTHMA**

(geb. Roos, 85) Fernglen, Port Elizabeth; vrou van bekende oudrugbykommentator, Paul Bothma; BA (Tale) 1937; oudinwoner van Harmonie.

■ **NICK DE KLERK** (75)

BA (Regsgeleerdheid) (US), Blur (Unisa); was 20 jaar ontwikkelingsbeampte in eertydse Departement Ontwikkeling.

■ **GEORGE GERBER** (79) George;

BA in Maatskaplike Werk 1948; voormalige sportredakteur en stigterslid van *Rapport*; begin loopbaan in 1947 by *Die Volksblad* in Bloemfontein; later sportredakteur by *Die Landstem* waar hy onder die skuilnaam "Die man wat weet" oor rugbysake skryf; 1970-'87 Kaapse sportredakteur vir *Rapport*; vertroueling van dr Danie Craven oor wie hy die boek *Agter die kap van die byl* (2001) geskryf het

■ **MICHAEL J THOMPSON** (35)

Stellenbosch; BA 1988.

■ **KDR PETRUS L (SPARKS) NOLTE**

(72) Pretoria; BScIng 1955; bied in sewentigerjare ingenieurswese by US vir vlootstudente aan.

■ **AWS (DOLF) SCHUMANN** (83)

Helderberg Village, Somerset-Wes; BSc 1937; medeskrywer van *Ericas of SA* (1992) met Gerhard Kirsten en in samewerking met ECH Oliver; oudinwoner van Dagbreek.

■ **JLN (LULU) HANSMANN** (94)

Stellenbosch; BA in Regsgeleerdheid (US) 1927, LLB (Natal); voormalige landdroos, staatsdiensinspekteur, adjunksekretaris van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap; tree af as vrederegter in 1971; een van eerste inwoners van Dagbreek.

■ **JAN ADP JANSEN VAN**

**RENSBURG** (83) Paarl;

BSc, SOD; onderwyser aan Hoër Landbouskool op Oakdale (Riversdal), knap opsteller van leerplanne vir Landbouskole; daarna by Onderwyserskollege, Paarl; later as adjunkhoof by Paarl Gimnasium; toe as departementshoof by Onderwyserskollege Wellington; medeskrywer van handboeke in Fisiologie en Biologie

■ **PROF SIPHO S MASEKO** (37)

(MA (Queen's), PhD (UWK); medeprofessor in Politieke Wetenskap aan US; hoogaangeskrewe akademikus; baanbrekerswerk in proefskrif oor swart middelklas vir doktorsgraad; voorheen jongste hoof van Departement Politieke Wetenskap by UWK; was ook pro-

gramdirekteur van UWK se opleidingsprogram vir wetgewers; tot 1995 voorsitter van Azapo se Wes-Kaapse tak; lid van Fullbright kommissie; aan kanker oorlede.

■ **ME ALICE MERTENS** (86)

Stellenbosch (sien bl. 37)

■ **MEV M (LENIE) ROOS** (76)

Worcester; BComm 1945; oudinwoner van Huis de Villiers.

■ **ME YOLANDE VAN DER MERWE**


(27) Strand; Hons BSc 1996; oudinwoner van Irene en Huis de Villiers; sterf in motorongeluk.

■ **DR JAN VAN NIEKERK** (64)

Stellenbosch; MA (Voorigting-sielkunde), DEd; by aftrede in 1971 direkteur van Eenheid vir Studentevoorigting (vandag bekend as die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling); voorheen inspekteur van skole

■ **DS AE (BRAAM) WILLEMSE** (46)

Durbanville; BA, HonsBA (1982-'84), LTh (Baptiste Kollege); pioniersending onder onbereikte Yao-stam in Malawi, skrywer van boek oor sendingversorging; doen baanbrekerswerk in sendingvenootskappe; dood aan nierkanker.



Classic, Modern, Exceptional



Not for sale to persons under the age of 18

BELLINGHAM

Shiraz  
COASTAL REGION  
SOUTH AFRICA

## As Finansies die Probleem met Studies is, Dan het ons die Oplossing

'n Salarisaftrekfasiliteit is beskikbaar vir alle studente en/of hulle afhanklikes by die Universiteit van Stellenbosch wat in diens van enige staatsdepartement is (PERSAL), en 'n bank debietorder fasiliteit vir alle ander studente en/of hulle afhanklikes.

Goedgekeurde Edu-Loan maatskappye kan ook 'n salarisaftrekfasiliteit beskikbaar stel vir hulle werknemers en/of hulle afhanklikes, by enige tersiêre instelling van hulle keuse.

Doen ook gerus navraag oor die EDU-Xtras Slim-kaart wat finansiële bystand bied met studiebenodighede soos boeke, skryfbehoeftes ens.

Kontak: Liezl Louw op (021) 882 8150 op kampus in die Neelsie Studentesentrum.

Hoofkantoor Hulplyn (011) 670 6100

GEEN  
DEPOSITO  
VASTE PAAIEMENTE



**EDU-LOAN**  
Edu-Finansiering vir Môre se Leiers

[www.eduloan.co.za](http://www.eduloan.co.za)



Prof Matie Taljaard



OPGESPOOR: Die leiklip met die fossiel-spore word vasgehou deur Eddy van Dijk, Jurie van den Heever en De Ville Wickens

# SPORE VAN OERLEWE by Ou Hoofgebou...

Watter Oudmatie ken nie die Ou Hoofgebou nie? Watter Oudmatie het nie as student gewens om ook 'n klas of twee daar te draf nie?

“Pragtig, indrukwekkend, waar alles vandaan ontwikkel het, vlagskip van die Universiteit Stellenbosch, een van die Eikestad se heel bekendste bakens...” so is daar deur die jare al na dié imposante gebou verwys.

Die gebou was al in 1987 honderd jaar oud. Vir enige geskiedkundige is dit 'n bron van onuitputlike interessanhede.

En onlangs is daar fossiele, meer spesifiek spore van oerlewe, by die Ou Hoofgebou gevind...

Nee, vir ouer Oudmaties by wie die vraag miskien opkom – dit het niks te make met prof Matie Taljaard, vroeër van die Departement Geologie, wat jare gelede die stelling gemaak het dat die Administrasiegebou vol fossiele is nie...

Hierdie is die ware Jakob: spore van

oerlewe wat byna 300 miljoen jaar oud kan wees – op die stukke leiklip waarvan die voetpaadjies onder die bome by die Ou Hoofgebou gepak is. Dié interessante ontdekking is gedoen deur dr De Ville Wickens, 'n dosent by Geologie. Die stukke leiklip toon ongetwyfeld tekens van oerlewe.

Die Suid-Afrikaanse bodem is wêreldwyd bekend vir die groot aantal en wye verskeidenheid fossiele. Fossiele is egter nie net die oorblyfsels van plante (stamme en blare) of diere (geraamtes) nie, maar ook die versteende spore wat oerdiere in die modder van prehistoriese landskappe agtergelaat het. Spoorfossiele is belangrik aangesien dit iets sê van die ekologiese omstandighede van die tyd.

Dr Jurie van den Heever en dr Eddy van Dijk van die Departement Soölogie het 'n ruk gelede spore wat moontlik deur 'n werweldier gemaak is op die plaveisel van die voetpaadjies by die Hugenote-monument op Franschhoek ontdek. Dié leiklip is kenmerkend van die Ecca-tydperk en is van 'n gruisgat by Calvinia afkomstig. Die spore daarop is sowat 270 miljoen jaar oud.

Wickens is in die proses geraadpleeg en sy belangstelling is in so 'n mate geprikkel dat hy van die leiklipvoetpaadjies wat nog op die hoofkampus bestaan, ondersoek het en so op die vonds by die Ou Hoofgebou afgekom het.

Die spoortjies is dié van klein, ongewerwelde diertjies wat miljoene jare gelede oor die bodemmodder van mere en riviere geskarrel het. Die leiklip is soortgelyk aan dié by die Hugenotemonument en dateer ook uit die Ecca-tydperk.

Maar wat dan nou van wyle prof Matie Taljaard wat gepraat het, nie van fossiele by die Ou Hoofgebou nie, maar in die Administrasiegebou?

Werknemers in die Administrasiegebou was destyds blykbaar nie baie gelukkig oor die strekking van Taljaard se stelling nie, maar Taljaard het dit later ietwat gewysig en toe maar só verduidelik: Die panele in die ou Administrasiegebou was van swart Italiaanse marmer en het talle skulp- en koraalfossiele bevat. En eintlik het hy dié fossiele – en nie die mense wat daar werk nie – bedoel toe hy van fossiele in die Admingebou gepraat het... ■

Give something back to the  
university that gave so much...  
with the Stellenbosch credit card.

University of Stellenbosch

congregation of the University  
held on 13 April 1999

Kirsten Elizabeth P...  
was admitted to the Degree of  
Bachelor of Arts

*[Signature]*  
Vice-Chancellor and Principal

*[Signature]*  
Faculty of Arts

*[Signature]*  
Academic



Whenever you use your Absa University MasterCard credit card, you're helping to educate the nation. That's because Absa makes a donation to your university at no charge to you. Internationally accepted, with an affordable credit limit, and up to 55 days interest-free credit, it's your sensible choice.



Apply today at any Absa branch, or call 0860 40 50 60  
or visit [www.absa.co.za](http://www.absa.co.za).

**ABSA**  
Today Tomorrow Together

# BOSCHENMEER LANDGOEDEENHEDE MET LEWENSTYL



**BOSCHENMEER**

GOLF AND COUNTRY ESTATE

*Dit is die lewe*

Boschenmeer is werklik 'n plek waar 'n mens kan ontspan en rustig verkeer. Slegs 30 minute vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe. Die landgoed spog met die Wes-Kaap se enigste 27-putjie gholfaan, en is geleë in die rustigheid van die berg- en rivieromgewing, en wynlande. Landgoedeenhede (Estate Lodges) is eksklusief en weelderig afgewerk volgens die eienaar se spesifieke standaarde. Aandag word geskenk aan detail en persoonlike diens, gekombineer met maklike toegang en die instandhouding

van die eiendom die hele jaar deur, om kieskeurige beleggers die sekuriteit en gerief van 'n vyfsterhotel te bied.

**NOU TE KOOP VANAF R1.3 MILJOEN**

**Vir meer besonderhede, of om besigtiging te reël, skakel Janie du Plessis by 082 334 1455 of die verkoopskantoor by +27 (0)21 863 1133**

[WWW.BOSCHENMEER.CO.ZA](http://WWW.BOSCHENMEER.CO.ZA)